ALGEMENE AKADEMIESE REËLS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

Verwysingsnommer	7P
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Registrateur
Beleidseienaar	Registrateur
Verantwoordelike afdeling	Registrateur Studente Akademiese Lewenssiklus Administrasie
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	NWU Raad
Datum van goedkeuring	16 November 2023
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2026

ALGEMENE AKADEMIESE REËLS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

Aanhef

AANGESIEN die Senaat verantwoordelik is vir die regulering van alle onderrig-, leer- en navorsingsfunksies, asook vir die akademiese ondersteuningsfunksies van die Universiteit en vir die bepaling van beleid en reëls rakende alle akademiese aangeleenthede; en

NADAT die betrokke akademiese en ondersteuningstrukture van die Universiteit geraadpleeg is oor die gewenste wyse waarop die toelating en registrasie van studente, die verloop van hulle studie, assessering en verbandhoudende aangeleenthede gereguleer moet word; en

MET INAGNEMING VAN die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997), die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) (RHO; 2014) en die Statuut van die Noordwes-Universiteit (NWU);

LÊ DIE SENAAT HIERDIE REËLS NEER met die oog op die effektiewe en ordelike verloop van die akademiese prosesse van die Universiteit. Na goedkeuring deur die Raad op hul vergadering op 16 September 2023 het hierdie reëls van krag geword op 1 Januarie 2024 om saam te val met die implementeringsplan van die NWU SIS/NWU Student:

Van krag vanaf 01 Januarie 2024	Artikel 1: Algemene bepalings Reëls 1.1 tot 1.8
	Artikel 2: Bepalings vir voorgraadse kwalifikasies Reël 2.1 en Reël 2.2
	Artikel 3: Bepalings vir die honneursbaccalaureusgraad en die nagraadse diploma Reël 3.1 en Reël 3.2
	Artikel 4: Bepalings vir algemene en professionele meestersgrade Reël 4.2, Reël 4.3, Reël 4.4 en Reël 4.5
	Artikel 5: Bepalings vir navorsing en professionele doktorsgrade Reël 5.2 en Reël 5.5.
Van krag vanaf 01 Januarie 2025:	NWU Algemene Akademiese Reëls voluit van krag

1 Algemene bepalings

1.1. Toepassing en vertolking van die Algemene Akademiese Reëls

1.1.1. Hierdie Reëls moet in samehang met en onderhewig aan die Wet op Hoër Onderwys (101 van 1997), die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) en die Statuut van die Noordwes-Universiteit gelees en toegepas word, en tesame met riglyne en beleide soos bepaal deur die Senaat en die Raad, met inbegrip van die Toelatingsbeleid vir die bestuur en administrasie van onderrig, leer en navorsing, sowel as die skedule van betaalbare gelde soos jaarliks deur die Universiteit bepaal.

1.1.2. Hierdie Reëls is van toepassing op alle Senaat-goedgekeurde programme wat lei tot formele kwalifikasies gelys in die Universiteit se Program- en Kwalifikasiemengsel (PKM), ongeag die afleweringsmodus. Waar van toepassing tref die Reëls onderskeid tussen die bepalings wat geld vir programme wat deur middel van die kontak- en afstandsafleweringsmodus afgelewer word (waarna in hierdie Reëls verwys word as “kontak”- en “afstand”-kwalifikasies en -programme).

1.1.3. Hierdie reëls geniet voorrang bo fakulteitsreëls.

1.1.4. Die Glossarium van Onderrig-Leer-verwante Konsepte en Benamings vervat in die Bylae bepaal die vertolking en toepassing van hierdie Reëls.

1.1.5. Waar hierdie reëls diskresie vereis of toelaat, kan die Senaat ’n besluit hersien en vervang wat geneem is waar sodanige diskresie uitgeoefen is.

1.1.6. Waar daar in hierdie Reëls funksies en besluitnemingsgesag aan persone of strukture opgedra word, kan die Senaat of subkomitee van die Senaat met ’n behoorlike mandaat te eniger tyd besluit om verslagdoening oor die uitoefening van die betrokke funksie of die neem van ’n besluit van sodanige persoon of struktuur te vereis, en kan die Senaat die betrokke handeling of besluit met inagneming van die implikasies vir diegene wat daardeur geraak word, binne die perke van redelikheid herroep of vervang.

1.1.7. Alle besluite wat ingevolge hierdie Reëls deur uitvoerende dekane of ander persone geneem word, moet behoorlik geboekstaaf word deur die verantwoordelike akademiese of administratiewe eenheid.

1.1.8. Die uitvoerende dekaan kan enige bevoegdheid of funksie wat ingevolge die Reëls by hom/haar berus skriftelik aan enige fakulteitsubkomitee, die adjunkdekaan, ’n akademiese direkteur of adjunkdirekteur delegeer. Enige persoon wat benadeel word deur die beoefening van sodanige bevoegdheid of funksie kan, binne ’n redelike tyd, die uitvoerende dekaan versoek om ’n besluit te heroorweeg wat ingevolge sodanige gedelegeerde gesag gemaak is; die uitvoerende dekaan kan dan sodanige besluit bevestig of vervang of wysig, of vir heroorweging terugverwys na die persoon of komitee na wie besluitnemingsgesag gedelegeer is.

1.1.9. Enige persoon wat die voorneme demonstreer om met die Universiteit geassosieer te word, deur aansoek te doen vir toelating, of wat toegelaat word tot die Universiteit vir formele studie, is onderhewig aan hierdie Reëls.

1.2. Direktiewe vir kwalifikasies en programme

1.2.1. Die HOKSR verskaf die basis en minimum vereistes vir die kwalifikasie- of programbeskrywers en die kwaliteitsversekering van alle kwalifikasietipes wat deur die Universiteit aangebied word.

1.2.2. Slegs die kwalifikasies wat deel uitmaak van die Universiteit se PKM mag deur die Universiteit bemark, aangebied en toegeken word.

1.2.3. Die interne kwalifikasiestandaarde van die Universiteit word in fakulteitsjaarboeke gepubliseer om voldoening aan die HOKSR en aan voorskrifte van statutêre liggame te verseker.

1.2.4. Die Senaat kan goedkeuring verleen vir fakulteitsreëls wat voorsiening maak vir ’n maksimum addisionele krediettoewysing van twintig persent (20%) meer as die minimum vereiste totale krediete vir ’n kwalifikasie soos gespesifiseer in die HOKSR.

1.2.5. Die addisionele krediettoewysing soos bedoel in reël 1.2.4 kan oorskry word indien dit vereis word deur ’n statutêre liggaam wat die bevoegdheid het om ’n kwalifikasie te erken of te akkrediteer.

1.2.6. Wysigings aan die kredietstruktuur, die module-aanbod (met inbegrip van die insluiting van keusevakke in programme), module-uitkomste of kurrikulumuitleg van 'n program wat lei tot 'n kwalifikasie is onderhewig aan goedkeuring deur die Senaatskomitee vir Akademiese Standaarde (SKAS).

1.2.7. In gevalle waar 'n goedgekeurde kwalifikasie 'n groot verandering m.b.t. doel, uitkomste, studierigting of modules ondergaan, moet daar via SKAS aansoek gedoen word vir die eksterne goedkeuring van sodanige wysigings.

1.2.8. Indien tien of minder studente vir 'n module inskryf, moet die betrokke uitvoerende dekaan 'n duidelik omskrewe module-lewensvatbaarheidstudie van stapel stuur om so 'n module óf op te skort óf om die voortsetting van die module te motiveer.

1.2.9. Die uitkoms van die module-lewensvatbaarheidstudie soos bedoel in Reël 1.2.8 moet via die betrokke fakulteitsraad aan die Senaat gerapporteer word, gevolg deur kommunikasie deur die uitvoerende dekaan aan voornemende studente wat wil registreer vir modules wat geïdentifiseer is vir opskorting.

1.3. Fakulteitsreëls

1.3.1. Elke fakulteitsraad maak voorstelle aan die Senaat vir die aanvaarding van fakulteitsreëls met betrekking tot die vereistes vir kwalifikasies en programme wat deel uitmaak van die Universiteit se PKM en wat deur die betrokke fakulteit aangebied word, met inagneming van die vereistes van die betrokke statutêre liggaam.

1.3.2. Fakulteitsreëls kan waar toepaslik, benewens die gevalle waarvoor in hierdie Reëls voorsiening gemaak word, ook voorsiening maak vir reëlings wat nodig mag wees vir die akkommodasie van programspesifieke vereistes en fakulteitspesifieke prosedures en strukture.

1.3.3. Die minimum en maksimum studietydperk vir 'n kwalifikasie, die samestelling van die kurrikulums van kwalifikasies of programme, en die kredietstruktuur van programme wat lei tot 'n kwalifikasie, word in die fakulteitsreëls uiteengesit.

1.3.4. Fakulteitsreëls word in die universiteitsjaarboek gepubliseer m.b.t. die betrokke fakulteit, en geld vir die huidige jaar van publikasie.

1.3.5. Waar fakulteitsreëls gewysig en goedgekeur word deur die Senaat voordat die volgende weergawe van die jaarboek gepubliseer word, moet redelike stappe geneem word om die wysigings onder die aandag te bring van studente wat daardeur geraak word.

1.4. Erkenning as 'n student van die Universiteit

1.4.1. 'n Persoon word slegs as student van die Universiteit erken indien sodanige persoon toegelaat is tot die Universiteit en geregistreer is vir 'n program wat lei tot die verwerwing van 'n kwalifikasie.

1.4.2. Om te kan voortgaan met studies aan die Universiteit moet 'n terugkerende student wat tot die Universiteit toegelaat is en geregistreer is jaarliks in ooreenstemming met hierdie Reëls registreer.

1.5. Aansoek, keuring en toelating tot die Universiteit

1.5.1. Aansoek en toelating

1.5.1.1. 'n Voornemende student doen aansoek om toelating tot die Universiteit deur die voorgeskrewe aansoekvorm te voltooi en dit in te dien saam met die dokumente soos vereis deur die NWU in ooreenstemming met die toepaslike beleide en reëls.

1.5.1.2. Die algemene toelatingsvereistes vir alle formele kontak- en afstandkwalifikasies en verwante programme wat deur die Universiteit aangebied word, sowel as die bepalings vir voorwaardelike vrystellings, is uiteengesit in die Toelatingsbeleid van die NWU soos aanbeveel deur die Senaat se Toelatingsvereisteskomitee, aanvaar deur die Senaat en goedgekeur deur die Raad. (URL: http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules).

1.5.1.3. Toelatingsvereistes moet in fakulteitsjaarboeke gepubliseer word.

1.5.2. Keuring

1.5.2.1. Die Universiteit behou die reg voor om addisionele keuringskriteria (d.w.s. benewens die minimum toelatingsvereistes) te bepaal, en om sodanige kriteria toe te pas om toelating tot spesifieke kwalifikasies en programme te reguleer, met inagneming van die Universiteit se teikens vir die grootte (totale aantal studente) en vorm (studierigtings en diversiteitsprofiel) van die studentebevolking, en die kapasiteit wat die Universiteit beskikbaar het om die betrokke kwalifikasies en programme aan te bied.

1.5.2.2. Die toekenning van 'n nommer vir identifikasiedoeleindes aan 'n aansoeker wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, maak nie 'n reg op toelating tot die Universiteit uit nie.

1.5.3. Toelating en gevorderde status op grond van erkenning van vorige leer

1.5.3.1. In ooreenstemming met die Senaat-goedgekeurde Reëls oor Onderrig-Leer en Assessering kan 'n uitvoerende dekaan, ooreenkomstig die Universiteit se Erkenning van Vorige Leer-beleid, toelating aan 'n aansoeker verleen wat nie aan die minimum toelatingsvereistes vir 'n program of kwalifikasie voldoen nie, of gevorderde status aan sodanige aansoeker verleen.

1.5.3.2. Slegs bewese informele of nie-formele leer kan in ag geneem word deur middel van EVL, die proses van ekwivalensiebepaling tussen sodanige leer- en formele modules moet gedokumenteer word, en die uitkoms moet op die amptelike studenterekord aangeteken word.

1.5.3.3. Waar vrystelling aan 'n student toegestaan is vir een of meer modules as gevolg van EVL moet die oorblywende krediete wat vir die kwalifikasie vereis word, verkry word deur voltooiing van die betrokke program.

1.5.3.4. Die maksimum gedeelte van 'n kwalifikasie waarvoor 'n student vrystelling kan kry deur middel van EVL is vyftig persent (50%) van die krediete van die volle kwalifikasie.

1.5.3.5. 'n Gestandaardiseerde en belynde proses wat oor fakulteite heen geïmplementeer word, moet besonderhede verskaf ten opsigte van die implementering van EVL soos bedoel in Reël 1.5.3.1.

1.6. Kredietakkumulasie en -oordrag

1.6.1. In ooreenstemming met die Reëls oor Onderrig-Leer en Assessering kan 'n uitvoerende dekaan deur middel van die proses van kredietakkumulasie en -oordrag (KAO) die krediete wat 'n student in 'n verwante leerprogram verwerf het na 'n kwalifikasie of program oordra waartoe die student toelating wil kry, en die minimum studietydperk aanpas vir die voltooiing van 'n program wat deur die universiteit aangebied word binne die raamwerk van Reëls 2 tot 5.

1.6.2. Kredietakkumulasie en -oordrag kan slegs toegestaan word vir krediete wat verwerf is tydens studies vir 'n formele kwalifikasie, met inbegrip van krediete wat verwerf is vir modules wat vir niegraaddoeleindes geneem is.

1.6.3. Kredietakkumulasie en -oordrag is van toepassing op –

1.6.3.1. 'n student van die Universiteit wat geregistreer is vir 'n program, maar dit nog nie voltooi het nie, en wat wil oorskakel na 'n ander program wat aan dieselfde kwalifikasie gekoppel is;

1.6.3.2. 'n student van die Universiteit wat geregistreer is vir 'n program, maar dit nog nie voltooi het nie, en wat wil oorskakel na 'n ander program wat aan 'n ander kwalifikasie gekoppel is;

1.6.3.3. 'n student wat by 'n ander erkende hoëronderwysinstansie geregistreer is, wat nog nie die kwalifikasie of program by daardie instansie voltooi het nie, en wat vir dieselfde of 'n ander kwalifikasie of program wil registreer by die Universiteit;

1.6.3.4. 'n student wat 'n kwalifikasie by die Universiteit of by 'n ander erkende hoëronderwysinstansie voltooi het, en wat by die Universiteit wil inskryf vir 'n program wat lei tot 'n ander kwalifikasie, en

1.6.3.5. kwalifikasies wat heeltemal of gedeeltelik uit gedoseerde modules of komponente bestaan, maar nie op kwalifikasies wat suiwer uit 'n navorsingskomponent bestaan nie.

1.6.4. Krediet-erkenning en -oordrag kan slegs toegestaan word aan 'n student wat aan die minimum toelatingsvereistes van die kwalifikasie en program voldoen waarvoor die student beoog om te registreer.

1.6.5. 'n Gestandaardiseerde en belynde proses wat oor fakulteite heen geïmplementeer word, moet besonderhede verskaf ten opsigte van die implementering van EVL soos bedoel in Reël 1.6.1.

1.7. Voorvereiste en newevereiste modules

1.7.1. Die vereistes ten opsigte van voor- en newevereiste modules moet in fakulteitsreëls gespesifiseer word.

1.7.2. Voorvereiste modules moet geslaag word of 'n gespesifiseerde minimumpunt moet behaal word voordat 'n student vir 'n opeenvolgende module mag registreer.

1.7.3. Medevereiste modules moet in 'n semester of jaar vóór of in dieselfde semester geneem word as die module waarvoor dit as newevereiste modules geag word.

1.8. Maksimum studentekredietlading

'n Student mag normaalweg nie geregistreer wees vir 'n kredietlading van meer as 1.2 VE-krediete in enige gegewe akademiese jaar nie, maar kan, met die uitdruklike toestemming van die betrokke uitvoerende dekaan in 'n spesifieke akademiese jaar toegelaat word om te registreer vir 'n kredietlading van maksimaal 1.5 VE-krediete – ten einde die student in staat te stel om aan die vorderingsvereistes vir voortsetting van die studie te voldoen, of om te voldoen aan die vereistes vir die voltooiing van die program waarvoor die student geregistreer is. 'n Student wat 'n bykomende kredietlading toegelaat wil word, moet via die studenteportaal daarvoor aansoek doen.

1.9. Registrasie

1.9.1. Jaarlikse registrasie

1.9.1.1. Alle studente moet jaarliks persoonlik registreer, deur middel van 'n elektroniese registrasieproses, vir die leerkomponente wat vir die spesifieke studiejaar voorgeskryf word, in ooreenstemming met die fakulteitsreëls wat van toepassing is op die betrokke kwalifikasie, program en module(s).

1.9.1.2. 'n Student is persoonlik daarvoor verantwoordelik om –

1.9.1.2.1. voldoening te verseker aan al die kwalifikasie-, program- en moduleregistrasievereistes en die voltooiing en indiening van die formele dokumente wat vereis word vir registrasie, en

1.9.1.2.2. seker te maak dat daar geen botsing is in kontakroosters of geskeduleerde assesseringsgeleenthede tussen die modules waarvoor die student registreer nie.

1.9.1.3. Die Universiteit behou die reg voor om 'n student se registrasie te weier of te kanselleer indien 'n aansoeker vals, verkeerde of onvolledige inligting of dokumentasiemateriaal verskaf om as student te registreer, of indien enige ander voorwaarde soos vervat in hierdie reëls nie nagekom word nie.

1.9.1.4. Fakulteitsreëls maak voorsiening vir die vereiste van aktiewe deelname deur studente in spesifieke kwalifikasies of programme, en studente mag nie registreer vir modules waarin hulle nie aktief kan of wil deelneem nie.

1.9.1.5. Om krediet te kan ontvang vir 'n sekere module moet 'n student geregistreer wees vir sodanige module en dit slaag.

1.9.1.6. Registrasietydperke vir die verskillende vlakke en studiemetodes word jaarliks in die universiteitskalender bepaal.

1.9.1.7. 'n Student wat geregistreer is tydens die tweede registrasietydperk van die vorige jaar moet dus in die daaropvolgende akademiese jare aanmeld vir registrasie tydens die eerste jaarlikse registrasietydperk.

1.9.1.8. Om te kan registreer, moet 'n student of die entiteit wat 'n beurs aan die student toegestaan het die voorgeskrewe registrasiegeld en minimum klasgeld betaal soos voorgeskryf deur die Universiteit.

1.9.1.9. 'n Amptelike bewys van registrasie getuig van 'n suksesvolle registrasie.

1.9.1.10. 'n Geregistreerde student het die verantwoordelikheid om te verseker dat sy/haar persoonlike besonderhede wat benodig word vir amptelike kommunikasie deur die Universiteit aan die student op datum bly deur alle relevante veranderinge stiptelik in die voorgeskrewe vorm via die studenteportaal in te dien.

1.9.1.11. Amptelike korrespondensie van die NWU aan studente kan deur middel van enige van die volgende kanale geskied: die NWU-studente-e-posadres, selfoonnommer en plasings op die studenteportaal. Dit is die verantwoordelikheid van die student om hierdie kommunikasiekanale te moniteer.

1.9.2. Onderwerping aan reëls en besluite

Deur ondertekening en indiening van die aansoek- en registrasievorms bevestig die aansoeker of geregistreerde student dat alle tersaaklike reëls, beleide en besluite van die Universiteit vir die duur van die student se studie aan die Universiteit as bindend aanvaar word.

1.9.3. Aktiewe inskrywing

1.9.3.1. 'n Geregistreerde student moet aktief deelneem aan die onderrig-, leer- en assesseringsaktiwiteite van elke module waarvoor sodanige student geregistreer is om vir subsidiedoeleindes as 'n ingeskrewe student beskou te kan word.

1.9.3.2. Die aflê van 'n eksamen is nie genoegsame bewys van aktiewe inskrywing nie.

1.9.3.3. Bewys van aktiewe inskrywing moet jaarliks verskaf word deur die verantwoordelike akademiese eenheid op die voorgeskrewe sensusdatums van die betrokke akademiese jaar.

1.9.3.4. Die registrasie van 'n student wat versuim om bevredigend deel te neem aan die aktiwiteite waarna verwys word in Reël 1.9.3.1 is onderhewig aan hersiening ooreenkomstig die vorderingsvereistes soos bedoel in Reël 1.15.

1.9.4. Wysiging, kansellasie, en beëindiging van registrasie

1.9.4.1. Onderhewig aan die toepaslike fakulteitsreëls en die bepalings met betrekking tot betaalbare gelde kan 'n student via die studenteportaal en binne die tydperk wat in die universiteitsjaarkalender daarvoor bepaal word, aansoek doen vir wysiging, kansellasie of beëindiging van registrasie.

1.9.4.2. Registrasie kan gekanselleer word vir 'n kwalifikasie, program of 'n module, en behels dat 'n student van die kwalifikasie, program of module onttrek voordat formele onderrig 'n aanvang neem.

1.9.4.3. Tydige kansellasie of registrasie word nie in 'n student se akademiese rekord weergegee nie, en 'n gedeelte van die registrasiegeld, sowel as die betaalde klasgeld, kan terugbetaal word.

1.9.4.4. Die Universiteit behou die reg voor om enige foutiewe registrasie te kanselleer.

1.9.4.5. Beëindiging van registrasie behels dat 'n student uit 'n kwalifikasie, program of module onttrek nadat formele onderrig reeds 'n aanvang geneem het.

1.9.4.6. Beëindiging van registrasie word as sodanig op die student se akademiese rekord aangedui, en die student is nie geregtig op die terugbetaling van registrasie- of klasgeld nie.

1.9.5. Gelyktydige registrasie by meer as een instelling

1.9.5.1. 'n Student mag nie gelyktydig vir 'n kwalifikasie by dié Universiteit en 'n ander universiteit geregistreer wees nie, behalwe met die toestemming van die betrokke uitvoerende dekaan, wat sodanige goedkeuring slegs kan verleen indien die student aan die minimum residensievereistes van een van die twee universiteite voldoen het.

1.9.5.2. Met die goedkeuring van die betrokke uitvoerende dekaan kan die student vir niegraaddoeleindes aan die Universiteit registreer en as 'n student vir 'n formele kwalifikasie aan 'n ander universiteit.

1.9.5.3. Die betrokke uitvoerende dekaan kan skriftelik en met die instemming van die ander betrokke instelling aan 'n student toestemming verleen om spesifieke modules te neem wat by 'n ander universiteit aangebied word, insluitende uittreemodules wat vereis word vir die voltooiing van 'n kwalifikasie of program of modules wat die student nie in staat is om by te woon by die Universiteit nie, of modules wat nie deur die Universiteit aangebied word nie, met dien verstande dat sodanige student voortgaan om as 'n student van die Universiteit geregistreer te wees.

1.9.5.4. 'n Student wat modules by 'n ander universiteit neem ingevolge Reël 1.9.5.3 hoef nie klasgeld te betaal vir die ekwivalente modules van die Universiteit nie.

1.9.5.5. ’n Student kan toestemming kry by die betrokke uitvoerende dekaan om te registreer vir ’n maksimum van twintig persent (20%) van die totale kredietwaarde van die gedoseerde komponent van die kwalifikasie of program (met inbegrip van gedoseerde meestersgrade en professionele meestersgrade, maar uitgesluit navorsingsmeestersgraad deur verhandeling en doktorale programme) aan ’n ander instelling.

1.9.5.6. ’n Student aan wie goedkeuring verleen is om vir een of meer modules of vir ’n ander kwalifikasie by ’n ander instelling in te skryf, moet vir ’n kwalifikasie by die NWU ingeskryf bly.

1.9.6. Gelyktydige registrasie vir meer as een kwalifikasie aan die Universiteit

In buitengewone omstandighede kan die betrokke uitvoerende dekaan aan ’n student skriftelik toestemming verleen om gelyktydig vir meer as een kwalifikasie of program aan die Universiteit te registreer, behoudens die beperking op kredietlading soos bedoel in Reël 1.8, en met dien verstande dat die toelatingsvereistes vir die tweede kwalifikasie of program nagekom word.

1.9.7. Die gebruik van die Universiteit se fasiliteite deur geregistreerde studente

Behoudens spesifieke uitsonderings soos toegestaan deur die adjunkregistrateur, is slegs geregistreerde studente daarop geregtig om die Universiteit se fasiliteite te gebruik.

1.10. Beskerming van persoonlike onderwysverwante inligting

1.10.1. Die NWU is daartoe verbind om persoonlike inligting en data te beskerm. [Kry hier toegang tot die NWU se Privaatheidsverklaring :URL-skakel]

1.10.2. Deur die loop van die jaarlikse registrasieproses word bepaal in welke mate ’n student se persoonlike of onderwysverwante inligting aan ’n derde party bekendgemaak mag word, maar die student mag toestemming wat vir die bekendmaking van sodanige inligting verleen is te eniger tyd terugtrek of wysig deur middel van ’n skriftelike versoek, via die studenteportaal, aan die adjunkregistrateur.

1.10.3. Die Universiteit mag persoonlike of akademies-verwante inligting aangaande ’n student aan ’n derde party bekendmaak in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, insluitend die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (WBPI) en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (WBTI).

1.11. Vrystelling van praktika of klasbywoning in ’n module

1.11.1. Indien ’n student ’n module druip wat ’n praktiese komponent het, maar wel die praktiese komponent slaag, kan die student skriftelik via die studenteportaal by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om vrygestel te word van die praktiese komponent wanneer hy/sy die module herhaal.

1.11.2. Die toestaan van vrystelling ingevolge Reël 1.11.1 en Reël 1.11.4 is onderhewig aan die toepaslike fakulteitsreëls en is slegs geldig vir die jaar wat volg op die jaar waarin die student die module gedruip het.

1.11.3. Indien vrystelling van die praktiese komponent van ’n module toegestaan word, moet die student in die daaropvolgende jaar vir die module registreer en die nodige reëlings met die betrokke dosent tref dat die punt wat vir die praktiese komponent van die module behaal is, oorgedra word – om óf deel uit te maak van die module-deelnamepunt óf van die somtotaal van die deurlopende-assessering-taaklys; die student moet ook voldoen aan die tersaaklike vereistes soos bedoel in Reël 1.12.

1.11.4. Indien ’n student ’n module druip wat ’n klasbywoningsvereiste het, maar volgens die oordeel van die betrokke akademiese direkteur wel aan die klasbywoningsvereistes voldoen het, kan die student skriftelik via die studenteportaal by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om vrygestel te word van die klasbywoningsvereiste wanneer hy/sy die module herhaal.

1.11.5. Indien vrystelling van klasbywoning ten opsigte van ’n module toegestaan is, moet die student in die daaropvolgende jaar vir die module registreer en aan die tersaaklike vereistes voldoen soos bedoel in Reël 1.12.

1.12. Assessering

1.12.1. Bepaling van modulepunt

1.12.1.1. In die geval van modules wat in die tradisionele assesseringspraktyk aangebied word, is die modulepunt vir alle gedoseerde modules gebaseer op 'n kombinasie van 'n moduledeelnamepunt en 'n eksamenpunt in 'n voorafbepaalde verhouding.

1.12.1.2. In die geval van deurlopende assesseringsmodules word die module gebaseer op die geweegde gemiddelde van die assesserings wat vir die module voorgeskryf is, ooreenkomstig die gewigte wat vir die verskillende assesseringstake voorgeskryf word.

1.12.1.3. Die metode van berekening van die finale modulemerk moet doeltreffend aan die studente gekommunikeer word en moet op relevante platforms gepubliseer word wanneer die onderrig van die module begin.

1.12.2. Vereistes vir toelating tot die eksamen vir modules wat in die tradisionele assesseringspraktyk aangebied word

1.12.2.1. Ingevolge Reël 1.12.2.3 moet 'n student 'n moduledeelnamepunt van ten minste veertig persent (40%) behaal en aan toepaslike statutêre vereistes voldoen om toegelaat te word tot die eksamen in die betrokke module.

1.12.2.2. Ingevolge Reël 1.12.2.3 verleen 'n toereikende moduledeelnamepunt toelating tot hoogstens twee opeenvolgende eksamengeleenthede geskeduleer binne die tydperk wat die Universiteit jaarliks bepaal vir die afhandeling van alle assesseringsaktiwiteite in die betrokke akademiese jaar.

1.12.2.3. Modules waar geen deelnamepunt vereis word nie of waar 'n alternatiewe deelnamebewys gelewer moet word vir toelating tot die eksamen, moet ooreenkomstig Reël 1.12.1.3 gepubliseer word.

1.12.3. Slaagvereistes vir 'n module

1.12.3.1. Vereistes om 'n module te slaag wat in die tradisionele assesseringspraktyk aangebied word:

1.12.3.1.1. Die subminimum vir eksamens in alle gedoseerde modules is veertig persent (40%), behalwe waar 'n hoër subminimum in die toepaslike fakulteitsreëls neergelê word.

1.12.3.1.2. 'n Student slaag 'n gedoseerde module indien 'n finale modulepunt van minstens vyftig persent (50%) en/of toepaslike statutêre vereistes behaal word, met inagneming van die bepalings rakende die eksamensubminimum en die verhouding tussen die moduledeelname- en eksamenpunt soos gepubliseer ingevolge Reël 1.12.1.3.

1.12.3.1.3. 'n Finale punt van minstens vyftig persent (50%) word vereis om 'n navorsingsmodule te slaag.

1.12.3.2. Vereistes om 'n module te slaag wat in die deurlopende assesseringspraktyk aangebied word:

1.12.3.2.1. Indien 'n module deurlopend geassesseer word, word die finale punt gebaseer op die gewig wat toegeken word aan die assesseringstake soos goedgekeur deur die betrokke fakulteitsraad.

1.12.3.2.2. 'n Minimum van vier assesseringstake per module moet uitgevoer word, waarvan een 'n tematies-gegroepeerde assesseringstaak kan wees waarvoor die gekombineerde assesseringspunt nie twintig persent (20%) van die modulepunt mag oorskry nie.

1.12.3.2.3. Die maksimum gewig van enige assesseringstaak mag nie dertig persent (30%) van die totale gewig van die modulepunt oorskry nie.

1.12.3.2.4. 'n Student moet 'n geweegde gemiddelde van minstens vyftig persent (50%) en die vereiste toepaslike statutêre-liggaam-vereistes behaal om die module te slaag.

1.12.4. Module-uitkoms

1.12.4.1. Waar 'n student 'n module druip, moet die student behoudens Reël 1.11 die module in sy geheel herhaal.

1.12.4.2. 'n Student slaag 'n module met onderskeiding indien 'n finale modulepunt van minstens vyf-en-sewentig persent (75%) behaal word.

1.12.5. Eksamengeleenthede m.b.t. die tradisionele assesseringspraktyk

Die reëls vir die onderskeie kwalifikasievlakke en -tipes bepaal die aantal eksamengeleenthede wat vir studente beskikbaar is en in die fakulteitsjaarboeke gepubliseer word.

1.12.6. Addisionele tyd of spesiale versoeke tydens eksamens wat in die tradisionele assesseringspraktyk geneem word

1.12.6.1. 'n Student kan skriftelik by die Studenteberading en -ontwikkelingsdiens aansoek doen vir addisionele tyd of spesiale versoeke tydens 'n eksamen, ondersteun deur 'n verduideliking van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die aansoek en 'n mediese sertifikaat, waar toepaslik. So 'n aansoek wat via die studenteportaal gedoen word, moet 14 dae voor die geskeduleerde datum van die betrokke assesseringsessie ingedien word.

1.12.6.2. Na goedkeuring van die aansoek sal die student na SALA se Assesseringsafdeling verwys word vir implementering van die vereiste maatreëls gedurende die betrokke eksamentydperk.

1.12.7. Finale addisionele eksamen of assessering

1.12.7.1. Vir modules geneem in die tradisionele assesseringspraktyk:

1.12.7.1.1. 'n Student wat ná benutting van een of albei eksamengeleenthede waarvoor daar voorsiening gemaak word in die reëls m.b.t. die onderskeie kwalifikasietipes en -vlakke alle gedoseerde modules wat vir 'n kwalifikasie vereis word, behalwe één, geslaag het, kan moontlik kwalifiseer vir 'n finale addisionele assesseringsgeleentheid in die uitstaande module, mits –

1.12.7.1.1.1. die student vir die module geregistreer was in die vorige semester waarin dit aangebied was, waartydens daar aan al die ander vereistes vir die verwerwing van die kwalifikasie voldoen is;

1.12.7.1.1.2. die student 'n deelnamepunt van veertig persent (40%) in die module behaal het vir toelating tot die eksamen; en

1.12.7.1.1.3. die student die finale assessering vir die toepaslike module in die volgende eksamen- of assesseringstydperk voltooi wat in die universiteitsjaarkalender geskeduleer is.

1.12.7.1.2. Daar word van die student verwag om die toepaslike bedrag te betaal vir die finale addisionele assesseringsgeleentheid, maar nie om vir die betrokke kwalifikasie of program te herregistreer nie.

1.12.7.1.3. Die maksimum punt wat behaal kan word vir 'n module wat geëksamineer of geassesseer word in 'n vergunningseksamen of -assessering, is vyftig persent (50%).

1.12.7.1.4. Die deelnamepunt word nie in berekening gebring vir die toekenning van die modulepunt in 'n vergunningseksamen of -assessering nie.

1.12.7.2. Vir modules geneem in die deurlopende assesseringspraktyk–

1.12.7.2.1. 'n Student wat ná voltooiing van alle assesseringstake behalwe één wat vereis word vir die voltooiing van 'n kwalifikasie of program waarvoor voorsiening gemaak word in die reëls met betrekking tot die onderskeie kwalifikasietipes en -vlakke, en wat ten minste 40% gemiddeld vir die take behaal het, kan kwalifiseer vir 'n finale addisionele assesseringsgeleentheid, mits die student die finale addisionele assessering vir die toepaslike module betyds voltooi voor die geskeduleerde assesseringsgeleentheid waarna verwys word in Reël 1.12.7.1.1;

1.12.7.2.2. Die maksimum punt wat behaal kan word vir 'n module wat geëksamineer of geassesseer word in 'n vergunningseksamen of -assessering, is vyftig persent (50%);

1.12.7.2.3. Die punte behaal ten opsigte van die assesseringstake word nie in berekening gebring vir die toekenning van die modulepunt in 'n vergunningseksamen nie, en

1.12.7.4 'n Student wie se enigste uitstaande module vir die voltooiing van 'n kwalifikasie of program op 'n statutêre-liggaam-vereiste gebaseer is, kan kwalifiseer vir 'n addisionele assesseringsgeleentheid om vaardigheid ten opsigte van sodanige vereistes te demonstreer. Die assessering moet voltooi word onder dieselfde regulatoriese voorwaardes as wat gestel is in die aanvanklike assessering en moet voltooi word teen 'n datum soos bepaal in die universiteitsjaarkalender.

1.12.8. Toegang tot en nagaan van gemerkte assesserings

1.12.8.1. Versoeke vir die besigtiging van assesseringskrifte, -lêers of -vouers wat verband hou met 'n formele eksamen of assessering in ooreenstemming met die tradisionele assesseringspraktyk moet via die studenteportaal by die betrokke fakulteitsadministrateur ingedien word.

1.12.8.2. 'n Aansoek om 'n gemerkte eksamenskrif, -lêer of -vouer te sien, moet soos volg gedoen word:

1.12.8.2.1. in die geval van 'n module in 'n kontakprogram moet die aansoek ingedien word binne vyf werksdae nadat die module se eksamenuitslae bekendgemaak is na die eerste eksamengeleentheid, en binne twee werksdae na die tweede eksamengeleentheid;

1.12.8.2.2. in die geval van 'n module in 'n afstandsprogram moet die aansoek ingedien word binne tien werksdae, en

1.12.8.2.3. in die geval van die deurlopende assesseringspraktyk moet die aansoek ingedien word binne vyf dae nadat die uitkoms van die assesseringstaak bekendgemaak is;

1.12.8.3. 'n Student mag versoek dat administratiewe foute in die berekening van die eksamenpunt wat opgespoor word tydens die nagaan van 'n gemerkte assesseringstuk ingevolge Reël 1.12.8.2 reggestel word, of dat die werk oorgemerk word, ongeag of die assesseringstuk deur die student nagegaan is.

1.12.8.4. Versoeke vir die besigtiging van assesseringskrifte, -lêers of -vouers wat verband hou met 'n formele eksamen of assessering in ooreenstemming met die tradisionele assesseringspraktyk moet via die studenteportaal by die betrokke fakulteitsadministrateur ingedien word.

1.12.8.5. 'n Aansoek vir die hermerk van 'n gemerkte eksamenskrif, -lêer of -vouer moet soos volg gedoen word:

1.12.8.5.1. in die geval van 'n module in 'n kontakprogram moet die aansoek ingedien word binne vyf werksdae nadat die module se eksamenuitslae bekendgemaak is na die eerste eksamengeleentheid, en binne twee werksdae na die tweede eksamengeleentheid, en

1.12.8.5.2. in die geval van 'n module in 'n afstandsprogram moet die aansoek ingedien word binne tien werksdae.

1.12.8.6. 'n Versoek vir die hermerk van 'n assesseringskrif, -lêer, -vouer of -taak kan voorafgegaan word deur 'n bespreking van die assessering deur die student en die betrokke dosent, vakleier of direkteur.

1.12.8.7. Die hermerk van 'n assesseringstaak op versoek van 'n student is onderhewig aan die betaling van die toepaslike bedrag.

1.12.8.8. Indien die hermerk van die assesseringstaak lei tot 'n verandering in die assesseringsuitslag, word die oorspronklike punt vervang deur die gewysigde punt.

1.12.8.9. Gemerkte assesseringswerk en die gepaardgaande memoranda moet hersien en oorgemerk word, waar toepaslik, voor die datum wat in die universiteitsjaarkalender vasgestel is vir finalisering van die assesseringsuitslae.

1.12.9. Vermyding van botsende belange

Die uitvoerende dekaan moet, in oorleg met die betrokke akademiese direkteur, seker maak dat die risiko vir botsende belange tot die minimum beperk word wanneer studieleiers, promotors, eksaminators, en moderators aangewys word.

1.13. Maksimum studietydperk

1.13.1. Vir voltydse kontakstudente is die maksimum studietydperk, onderhewig aan die voorskrifte van statutêre liggame, waar toepaslik, soos volg:

1.13.1.1. Eenjaarkwalifikasies: twee jaar.

1.13.1.2. Tweejaarkwalifikasies: vier jaar.

1.13.1.3. Driejaarkwalifikasies: vyf jaar.

1.13.1.4. Vierjaarkwalifikasies: ses jaar.

1.13.1.5. Meestersgrade: drie jaar.

1.13.1.6. Doktorsgrade: vier jaar.

1.13.2. Vir deeltydse kontak- en afstandstudente is die maksimum studietydperk, onderhewig aan die voorskrifte van statutêre liggame, waar toepaslik, soos volg:

1.13.2.1. Eenjaarkwalifikasies: drie jaar.

1.13.2.2. Tweejaarkwalifikasies: vier jaar.

1.13.2.3. Driejaarkwalifikasies: ses jaar.

1.13.2.4. Vierjaarkwalifikasies: agt jaar.

1.13.2.5. Meestersgrade: vier jaar.

1.13.2.6. Doktorsgrade: vyf jaar.

1.13.3. Vir kontakstudente in uitgebreide programme, onderhewig aan die voorskrifte van statutêre liggame, waar toepaslik, is die maksimum studietydperk soos volg:

1.13.3.1. Driejaarkwalifikasies: ses jaar.

1.13.3.2. Vierjaarkwalifikasies: sewe jaar.

1.14. Monitering van akademiese prestasie

1.14.1. 'n Student se akademiese vordering word as onbevredigend beskou indien die student in 'n bepaalde semester minder as die helfte van die krediete behaal wat vir die betrokke kwalifikasie of program vereis word, soos voorgeskryf in die betrokke kurrikulumkaarte vir die afleweringsmodus (kontak of afstand) en bywoningsmodus (voltyds of deeltyds).

1.14.2. 'n Student wie se akademiese prestasie onbevredigend is, moet 'n skriftelike waarskuwing ontvang, wat die student attent maak op die implikasies van onbevredigende akademiese vordering vir die voltooiing van die studieprogram. Die skriftelike waarskuwing bied 'n basis om die onbevredigende vordering met die student te bespreek, en vir verwysing vir toepaslike ondersteuning, met inbegrip van akademiese advies, aanvullende onderrig en studieberading.

1.14.3. Elke skool moet die akademiese vordering moniteer van studente wat waarskuwingsbriewe ontvang het, en die skooldirekteur moet gereeld aan die betrokke fakulteitsraad verslag doen oor waarskuwingsbriewe wat uitgestuur is.

1.14.4. Die studieleier of promotor van 'n nagraadse student moet gereeld 'n verslag indien oor die student se vordering m.b.t. die navorsingskomponent van die betrokke kwalifikasie of program, en as sodanige vordering onbevredigend is, moet die student 'n skriftelike waarskuwing kry van die betrokke uitvoerende dekaan.

1.15. Vorderingsvereistes

1.15.1. Om te verseker dat 'n voldoende persentasie van die kredietlading van die kwalifikasie of program waarvoor die student geregistreer is, voltooi word binne die maksimum tydperk wat toegelaat word vir die studie –

1.15.1.1. 'n voltydse kontakstudent moet ten minste die volgende persentasie van die totale krediete behaal wat vereis word vir die jaarvlak van die kwalifikasie of program waarvoor die student geregistreer is:

1.15.1.1.1. eenjaarkwalifikasies: 50%.

1.15.1.1.2. tweejaarkwalifikasies: 50%.

1.15.1.1.3. driejaarkwalifikasies: 60%.

1.15.1.1.4. vierjaarkwalifikasies: 66%.

1.15.1.2. 'n deeltydse kontak- of afstandstudent moet ten minste die volgende persentasie van die totale krediete behaal wat vereis word vir die jaarvlak van die kwalifikasie of program waarvoor die student geregistreer is:

1.15.1.2.1. eenjaarkwalifikasies: 33%.

1.15.1.2.2. tweejaarkwalifikasies: 50%.

1.15.1.2.3. driejaarkwalifikasies: 50%.

1.15.1.2.4. vierjaarkwalifikasies: 55%.

1.15.1.3. 'n kontakstudent in 'n uitgebreide program moet ten minste die volgende persentasie van die totale krediete behaal wat vereis word vir die jaarvlak van die kwalifikasie of program waarvoor die student geregistreer is:

1.15.1.3.1. driejaarkwalifikasies: 50%.

1.15.1.3.2. vierjaarkwalifikasies: 60%.

1.15.2. 'n Student wat nie voldoen aan die vorderingsvereistes soos uiteengesit in Reël 1.15.1 nie, kwalifiseer nie outomaties om voort te gaan met studie in die betrokke kwalifikasie of program nie.

1.15.3. 'n Gevorderdegraadstudent moet bevredigende vordering maak m.b.t. die navorsingskomponent van die betrokke kwalifikasie of program om toegelaat te word om voort te gaan met die studie.

1.15.4. Na elke eksamentydperk moet die betrokke uitvoerende dekaan in oorleg met die betrokke fakulteitsbestuurskomitee of ander fakulteitstruktuur die akademiese rekords van alle studente nagaan om die studente se voldoening aan die vorderingsvereistes te bepaal.

1.16. Verlenging van studietydperk

Die studietydperk van 'n aktief ingeskrewe student wat nie verwag om 'n kwalifikasie of program binne die maksimum duur wat vir die studie toegelaat word te voltooi nie, kan – deur vóór die einde van die voorlaaste akademiese jaar via die studenteportaal 'n aansoek by die uitvoerende dekaan in te dien, en op aanbeveling van die betrokke adjunkdekaan of akademiese direkteur – deur die uitvoerende dekaan verleng word.

1.17. Beëindiging van studies

1.17.1. Die betrokke uitvoerende dekaan kan, nadat vasgestel is dat die betrokke prosesse ooreenkomstig Reël 1.14.2 en/of Reël 1.14.4 nie gelei het tot voldoening aan die toepaslike vorderingsvereistes nie, besluit om 'n student se registrasie te beëindig.

1.17.2. Na 'n besluit geneem ingevolge Reël 1.17.1 kan die student binne tien dae vanaf die datum van kennis van sodanige besluit via die studenteportaal 'n gemotiveerde versoek in die voorgeskrewe vorm by die betrokke fakulteitsadministrateur indien vir heroorweging van die besluit.

1.17.3. Die uitvoerende dekaan se besluit om 'n versoek vir heroorweging, ingedien ingevolge Reël 1.17.2, toe te staan of te weier, is finaal.

1.17.4. Die uitvoerende dekaan rapporteer al die besluite wat ingevolge Reël 1.17.1 en Reël 1.17.3 geneem word aan die Registrateur.

1.17.5. Die betrokke uitvoerende dekaan kan die Registrateur versoek om 'n student se registrasie te beëindig indien sodanige student –

1.17.5.1. nie aan die vereistes vir jaarlikse registrasie voldoen soos bedoel in Reël 1.9.1.2, 1.9.1.3, 1.9.1.4 of 1.9.1.8 nie;

1.17.5.2. nie aan die vereistes vir bewys van aktiewe inskrywing voldoen soos bedoel in Reël 1.9.3.1 nie;

1.17.5.3. twee waarskuwings met betrekking tot bevredigende akademiese prestasie van die uitvoerende dekaan ontvang het, soos bedoel in Reël 1.14.2 en/of Reël 1.14.4, en daarna onbevredigende akademiese prestasie gelewer het;

1.17.5.4. nie aan die minimum vorderingsvereistes voldoen soos uiteengesit in Reël 1.15 nie;

1.17.5.5. versuim om 'n navorsingsvoorstel in te dien soos bedoel in Reël 4.11.5 of Reël 5.10.5;

1.17.5.6. nie tydsverlenging verkry soos bedoel in Reël 1.16 nie, of

1.17.5.7. versuim, na toestaan van tydsverlenging soos bedoel in Reël 1.16, om die studie te voltooi.

1.17.6. Na elke eksamentydperk moet die Registrateur 'n verslag by die Senaat indien oor studente wie se studies beëindig is.

1.17.7. Kennisgewing van beëindiging van studie moet voor die einde van die volgende registrasieperiode aan studente gestuur word.

1.17.8. ’n Student wie se studie beëindig is, kan aansoek doen om toelating tot ’n ander studieprogram, maar moet tydens die aansoek melding maak van die studiebeëindiging.

1.17.9. Die betrokke uitvoerende dekaan kan redelike voorwaardes stel vir toelating tot ’n ander studieprogram soos bedoel in Reël 1.17.8, en moet sodanige voorwaardes aan die Registrateur rapporteer.

1.17.10. ’n Voorgraadse student wie se studies beëindig is, mag nie meer as twee keer aansoek doen om hertoelating tot die Universiteit nie.

1.17.11. ’n Nagraadse student wie se studies beëindig is, mag slegs een keer aansoek doen om hertoelating tot die Universiteit.

1.18. Hertoelating ná onderbreking van studie

1.18.1. Waar ’n student se studie vir ’n jaar of langer onderbreek word weens ander redes as dié wat in Reël 4.8 en Reël 5.8 aangedui word, moet sodanige student voor of gedurende die betrokke registrasietydperk via die studenteportaal aansoek doen om hertoelating en by die betrokke uitvoerende dekaan skriftelike toestemming tot hertoelating verkry.

1.18.2. Die betrokke uitvoerende dekaan kan ingevolge Reël 1.18.1 redelike voorwaardes stel vir hertoelating, en moet sodanige voorwaardes op die studenterekordkaart vaslê, en die voorwaardes aan die Registrateur rapporteer.

1.18.3. Ongeag die aantal modules wat gedurende die studiejare voor hertoelating geslaag of gedruip is, dra vorige studiejare vir ’n spesifieke program by tot die maksimum studietydperk vir daardie program.

1.19. Verandering van kwalifikasie of program

1.19.1. ’n Geregistreerde student kan in die voorgeskrewe formaat via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek doen vir ’n verandering van kwalifikasie of program, mits die student aan die toelatings- en ander vereistes van die betrokke kwalifikasie of program voldoen.

1.19.2. Die uitvoerende dekaan kan ’n aansoek weier wat ingevolge Reël 1.19.1 gemaak is, en moet die redes vir weiering aan die student kommunikeer en die besluit amptelik op die studenterekordkaart vaslê.

1.20. Verandering van afleweringsmodus

Vir kwalifikasies wat in beide die kontak- en afstandsmodus aangebied word, het ’n student wie se prestasie aan die vorderingsvereistes voldoen soos bedoel in Reël 1.15 één geleentheid gedurende die loop van die inskrywingstydperk om via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek te doen om na ’n ander afleweringsmodus toe oor te skakel.

1.21. Onttrekking van ’n kwalifikasie

Die Raad, met die instemming van die Senaat, kan ’n graad herroep of ’n diploma of sertifikaat terugtrek indien daar deur die loop van ’n dissiplinêre verhoor of administratiewe ondersoek bevind word dat die ontvanger hom/haar gedurende die betrokke studie aan plagiaat, diefstal, bedrog, omkopery of enige ander oneerlike of onwettige handeling skuldig gemaak het.

1.22. Kwalifikasies postuum toegeken

Nieteenstaande enige ander voorskrif, kan die Senaat op aanbeveling van ’n uitvoerende dekaan, ’n graad, diploma of sertifikaat postuum aan ’n student toeken indien so ’n student voor oorlye reeds aan al die vereistes van die betrokke kwalifikasie voldoen het, of na die oordeel van die Senaat voor oorlye reeds duidelike bewys gelewer het dat die finale eksamens of ander assessering wat vir die voltooiing van die kwalifikasie vereis word, na alle waarskynlikheid deur die oorlede student geslaag sou word.

2. Bepalings vir voorgraadse kwalifikasies

2.1. Struktuur van voorgraadse kwalifikasies

2.1.1. Die Hoër Sertifikaat bestaan uit 'n aantal modules met 'n minimum totale kredietwaarde van 120 op NKR-vlak 5, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2.

2.1.2. Die Gevorderde Sertifikaat bestaan uit 'n aantal modules met 'n minimum totale kredietwaarde van 120 op NKR-vlak 6, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2.

2.1.3. Benewens ander krediete wat vereis word ingevolge Reël 1.2.4 word 'n minimum van 120 krediete op NKR-vlak 6, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2, vereis vir 'n diploma, en 'n diploma neem die vorm aan van –

2.1.3.1. 'n diploma met 'n minimum totale kredietwaarde van 240 wat lei tot 'n professionele benaming of beroepsrol soos bepaal deur 'n beroepsliggaam, en wat nie voorsiening maak vir werkgeïntegreerde leer as deel van die formele krediete van die kwalifikasiestruktuur nie, of

2.1.3.2. 'n diploma met 'n minimum totale kredietwaarde van 360 wat tót 120 krediete van werkgeïntegreerde leer kan vereis as deel van die kwalifikasiestruktuur.

2.1.4. Die **Gevorderde Diploma** bestaan uit 'n aantal modules met 'n minimum totale kredietwaarde van 120 op NKR-vlak 7, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2.

2.1.5. Die **360-krediet- algemene of professioneel georiënteerde Baccalaureusgraad** bestaan uit 'n aantal modules met 'n minimum totale kredietwaarde van 360 krediete met 'n minimum van 120 krediete op NKR-vlak 7, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2.

2.1.6. Die **480-krediet- algemene of professioneel georiënteerde Baccalaureusgraad** bestaan uit 'n aantal modules met 'n minimum totale kredietwaarde van 480 krediete met 'n minimum van 120 krediete op NKR-vlak 7 of NKR-vlak 8, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2 en wat –

2.1.6.1. bestaan uit 'n groter volume van leer, en groter kognitiewe eise stel,

2.1.6.2. daarop gemik is om studente voor te berei om meestersgraadstudie te onderneem deur 'n fokus op die bou van navorsingskapasiteit in die metodologie en navorsingstegnieke van die betrokke dissipline, en/of

2.1.6.3. voldoen aan die vereistes wat deur die betrokke statutêre liggame gestel word.

2.2. Kredietakkumulasie en -oordrag

2.2.1. 'n Student wat geregistreer was vir 'n voorgraadse kwalifikasie of program aan die Universiteit of enige ander erkende hoëronderwysinstansie, maar dit nie voltooi het nie, kan binne die raamwerk van die Senaat se Reëls oor Onderrig-Leer en Assessering aansoek doen vir kredietakkumulasie en -oordrag vir ekwivalente kursusse of modules wat suksesvol voltooi is.

2.2.1.1. Indien die aansoek gebaseer is op krediete wat voltooi is in 'n voorgraadse kwalifikasie of program aan die Universiteit, kan die betrokke uitvoerende dekaan enige of alle krediete, insluitende krediete op die uittreevlak van die kwalifikasie of program, toeken as voldoening aan 'n deel van die vereistes vir die betrokke kwalifikasie, mits die uitkomste van die betrokke modules ekwivalent is.

2.2.1.2. Indien die aansoek gebaseer is op krediete wat in 'n voorgraadse kwalifikasie of program van 'n ander erkende hoëronderwysinstansie voltooi is, moet die student minstens vyftig persent (50%) van die krediete in die program, en al die uittreevlakmodules, aan die Universiteit voltooi.

2.2.2. 'n Persoon wat 'n voorgraadse kwalifikasie verwerf het aan die Universiteit of enige ander erkende hoëronderwysinstelling en wat aansoek doen om toelating tot 'n program wat lei tot 'n ander voorgraadse kwalifikasie aan die Universiteit, kan by die uitvoerende dekaan aansoek doen vir kredieterkenning vir ekwivalente kursusse of modules wat suksesvol voltooi is, en die uitvoerende dekaan kan erkenning verleen vir 'n maksimum van vyftig persent (50%) van die krediete wat in die ander voorgraadse kwalifikasie of program verwerf is.

2.2.3. 'n Persoon wat krediete verwerf het vir studies wat lei tot 'n deelkwalifikasie soos modules wat vir niegraaddoeleindes geneem is, hetsy by die Universiteit of enige ander erkende hoëronderwysinstansie, kan aansoek doen vir kredietoordrag vir ekwivalente kursusse of modules in 'n kwalifikasie of program waarvoor sodanige persoon wil registreer, maar 'n

maksimum van dertig persent (30%) van die krediete in die program kan op hierdie manier oorgedra word.

2.3. Bykomende modules

2.3.1. 'n Student wat vir die eerstejaarsvlak van 'n voorgraadse kwalifikasie of program registreer, kan via die studentportaal by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om toegelaat te word om vir een bykomende module per semester te registreer, hetsy 'n keusevak uit dieselfde kwalifikasie of program of 'n module uit 'n ander kwalifikasie of program, mits –

2.3.1.1. geen klas- of eksamenroosterbotsings daardeur meegebring word nie, en

2.3.1.2. die maksimum aantal krediete waarvoor 'n student in 'n gegewe akademiese jaar mag registreer, soos bepaal in Reël 1.8, nie oorskry word nie.

2.3.2. 'n Student wat registreer vir die tweede-, derde- of vierdejaarvlak van 'n voorgraadse kwalifikasie of program, en wat reeds al die vereiste voorafgaande modules van die betrokke kwalifikasie of program geslaag het, kan via die studenteportaal aansoek doen om vir 'n maksimum van twee bykomende modules per semester of twee bykomende jaarmodules, of een semester- en een jaarmodule van dieselfde kwalifikasie of program of 'n ander kwalifikasie of program te registreer, met dien verstande dat –

2.3.2.1. geen klas- of eksamenroosterbotsings daardeur meegebring word nie, en

2.3.2.2. die maksimum aantal krediete waarvoor 'n student in 'n gegewe akademiese jaar mag registreer, soos bepaal in Reël 1.8, nie oorskry word nie.

2.3.3. 'n Uitvoerende dekaan kan toestemming verleen aan 'n student wat wil registreer vir meer bykomende modules as waarvoor voorsiening gemaak word in Reëls 2.3.1 en 2.3.2 om vir bykomende modules te registreer onderhewig aan die beperkings soos uiteengesit in Reël 1.8.

2.3.4. 'n Student wat modules gedruip het wat deel uitmaak van die formele kurrikulum van 'n kwalifikasie of program, moet eers die gedruipte modules slaag voordat hy/sy in die daaropvolgende studiejaar toegelaat sal word om vir bykomende modules te registreer, hetsy van dieselfde kwalifikasie of program of van 'n ander kwalifikasie of program.

2.4. Registrasie vir finalejaarmodules

2.4.1. Behoudens toepaslike voorskrifte deur statutêre liggame en uitsonderings gemaak ingevolge Reël 2.4.2 kan 'n student slegs registreer vir finalejaarmodules van 'n voorgraadse kwalifikasie of program indien die student al die eerstejaarkernmodules van die program geslaag het.

2.4.2. Fakulteitsreëls kan voorsiening maak vir uitsonderings op die vereistes van Reël 2.4.1 wat gemaak kan word deur die betrokke uitvoerende dekaan, met inagneming van die reëls met betrekking tot die maksimum studietydperk soos bedoel in Reël 1.13.

2.5. Gelyktydige registrasie vir 'n voorgraadse kwalifikasie en 'n honneursgraad of nagraadse diploma

Met inagneming van die bepalings van Reël 1.8 kan die betrokke uitvoerende dekaan toestemming verleen aan 'n student met hoogstens twee uitstaande modules vir die voltooiing van 'n voorgraadse graad om te registreer vir 'n honneursgraad of nagraadse diploma.

2.6. Assessering van voorgraadse modules

2.6.1. Eksaminators vir die tradisionele assesseringspraktyk of assessors vir die deurlopende assesseringspraktyk, en moderators.

2.6.1.1. Vir elke voorgraadse module is daar ten minste een interne eksaminator in die geval van 'n tradisionele assesseringsmodule, of een assessor in die geval van 'n deurlopende assesseringsmodule, en ten minste een interne moderator.

2.6.1.2. Behoudens toepaslike voorskrifte deur statutêre liggame word elke uittreevlak- voorgraadse module ekstern gemodereer deur 'n persoon wat oor die toepaslike kwalifikasies beskik, wat vir voorgraadse kwalifikasies minstens één NKR-vlak hoër moet wees as die graad wat gemodereer

word, met dien verstande dat sodanige persoon nie 'n personeellid mag wees nie en ook nie aan die Universiteit verbonde mag wees deur middel van 'n buitengewone aanstelling nie.

2.6.1.3. Fakulteitsreëls moet spesifiseer of slegs die uittreevlakassesseringsresultate in 'n kwalifikasie of program aan eksterne moderering onderwerp moet word en of ander assesseringskomponente ook ekstern gemodereer moet word.

2.6.1.4. Eksterne moderators moet vir ten minste een jaar, maar nie meer as drie agtereenvolgende jare nie, op aanbeveling van die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan aangewys word en deur die fakulteitsraad goedgekeur word.

2.6.1.5. 'n Eksterne moderator moet kommentaar lewer op die geldigheid van die assesseringsinstrumente, die gehalte van studenteprestasie en die standaard van studenteprestasie, die betroubaarheid van die merkproses, en enige kommer of ongerymdhede met betrekking tot die nakoming van institusionele en, waar toepaslik, professionele regulasies.

2.6.1.6. Indien 'n program in sowel die kontak- as die afstandsafleweringsmodus aangebied word, moet eksterne moderering van uittreevlakmodules elke tweede jaar onderneem word.

2.6.1.7. Met betrekking tot moderering van modules wat in die tradisionele assesseringspraktyk aangebied word:

2.6.1.7.1. 'n Eksterne moderator moet minstens tien persent (10%) van die eksamenskrifte, -lêers of -vouers vir elke vraestel merk, en moet lukrake kontroles doen van minstens twintig persent (20%) van die eksamenskrifte vir elke vraestel.

2.6.1.7.2. Waar minder as vyftig (50) studente eksamenskrifte, -lêers of -vouers ingedien het, moet minstens tien (10) eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word, en in gevalle waar minder as tien (10) studente eksamenskrifte, -lêers of -vouers ingedien het, moet al die eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word.

2.6.1.7.3. Indien 'n kwalifikasie of program in sowel die kontak- as die afstandsafleweringsmodus aangebied word, moet eksterne moderering van uittreevlakmodules minstens elke tweede jaar onderneem word.

2.6.1.8. Met betrekking tot moderering van modules wat in die tradisionele assesseringspraktyk aangebied word:

2.6.1.8.1. Die assesseringsplan vir die module moet ekstern gemodereer word voor die semester waarin dit onderrig gaan word.

2.6.1.8.2. 'n Eksterne moderator moet minstens tien persent (10%) van die assessering merk wat die grootste gewig dra, of die assessering wat meer as twintig persent (20%) tot die finale modulepunt bygedra het.

2.6.1.8.3. Waar minder as vyftig (50) studente 'n assessering ingedien het ingevolge Reël 2.6.1.7.2, moet minstens tien (10) eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word, en in gevalle waar minder as tien (10) studente eksamenskrifte ingedien het, moet al die eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word.

2.6.2. Toekenning van 'n slaagpunt in 'n eerstesemester-eerstejaarmodule

2.6.2.1. In die **tradisionele assesseringspraktyk** kan 'n uitvoerende dekaan nieteenstaande die bepalings van Reël 1.12.3.1 in oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan 'n slaagpunt van vyftig persent (50%) aan 'n eerste-inskrywing- voorgraadse student toeken in één eerstesemester-eerstejaarmodule waar die student 'n finale modulepunt van minstens veertig persent (40%) en 'n eksamenpunt van minstens vyftig persent (50%) behaal het.

2.6.2.2. In die **deurlopende assesseringspraktyk** kan 'n uitvoerende dekaan nieteenstaande die bepalings van Reël 1.12.3.2 in oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan 'n slaagpunt van vyftig persent (50%) in slegs één eerstesemester-eerstejaarmodule aan 'n eerste-inskrywing- voorgraadse student toeken waar die student 'n finale modulepunt van minstens vyf-en-veertig persent (45%) behaal het met betrekking tot die relevante deurlopende assesseringsgeleenthede.

2.6.3. Aantal eksamengeleenthede in die tradisionele assesseringspraktyk

2.6.3.1. 'n Student wat vir 'n voorgraadse module geregistreer is, is daarop geregtig om twee opeenvolgende eksamengeleenthede per module te benut, binne die eksamenroosters soos uiteengesit in die universiteitsjaarkalender.

2.6.3.2. Fakulteitsreëls kan bepaalde modules van die moontlikheid van ’n tweede eksamengeleentheid uitsluit.

2.6.3.3. ’n Student mag die eksamen gedurende die eerste óf die tweede eksamengeleentheid aflê, met dien verstande dat al die eksamenvraestelle vir ’n bepaalde module gedurende dieselfde eksamengeleentheid geskryf moet word.

2.6.3.4. ’n Student wat kies om van die tweede eksamengeleentheid gebruik te maak, moet die voorgeskrewe bedrag betaal.

2.6.3.5. ’n Student wat die eksamen in ’n module tydens die eerste eksamengeleentheid slaag, maar die modulepunt wil probeer verbeter, mag van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak, maar die punt wat in die tweede eksamengeleentheid behaal word, moet toegeken word as die finale punt vir die module, selfs as dit laer is as die punt wat tydens die eerste geleentheid behaal is.

2.6.3.6. ’n Student wat ’n eksamen die eerste keer tydens die tweede eksamengeleentheid aflê, en druip, is nie geregtig op ’n addisionele eksamengeleentheid nie.

2.6.3.7. Indien ’n student kies om van die tweede eksamengeleentheid gebruik te maak nadat hy/sy die eksamen in ’n module tydens die eerste eksamengeleentheid gedruip het, word die punt wat tydens die tweede eksamengeleentheid behaal is, gebruik saam met die oorspronklike deelnamepunt, waar van toepassing, vir die berekening van die finale modulepunt.

2.6.4. Aantal assesseringsgeleenthede in die deurlopende assesseringspraktyk

2.6.4.1 ’n Student moet ten minste tagtig persent (80%) van die voorgeskrewe deurlopende assesseringstake indien.

2.6.4.2 Vir elke voorgeskrewe assesseringstaak kan die betrokke dosent ná terugvoering vir die studente ’n enkele geleentheid gun om ’n herindiening van die betrokke taak te maak om verbeterde prestasie te demonstreer, in welke geval die punte behaal in die tweede inhandiging die finale punt is.

2.7. Verwerwing van ’n voorgraadse kwalifikasie

2.7.1. Voldoening aan vereistes

Met inagneming van die bepalings van Reëls 1.3.3, 1.12, 1.16 en 1.18.3 word ’n voorgraadse kwalifikasie verwerf wanneer finale verifikasie en ouditbevestiging ontvang word dat ’n student al die modules suksesvol voltooi het wat in die toepaslike fakulteitsjaarboek vir die betrokke kwalifikasie of program voorgeskryf word.

2.7.2. Kwalifikasie met onderskeiding

2.7.2.1. ’n Kwalifikasie word met onderskeiding toegeken indien ’n student ’n geweegde gemiddelde van minstens vyf-en-sewentig persent (75%) behaal in al die kernmodules wat in die toepaslike kurrikulumkaarte as sodanig geïdentifiseer is.

2.7.2.2. ’n Voltydse student wat in ’n kontakkwalifikasie of -program ingeskryf is, moet die kwalifikasie of program binne die minimum tydperk soos gespesifiseer in die fakulteitsjaarboek voltooi om te kwalifiseer vir toekenning van die kwalifikasie met onderskeiding, tensy die versuim om aan die minimum tydperkvereistes te voldoen ’n gevolg is van onderbreking van die studie weens mediese redes, in welke geval die betrokke uitvoerende dekaan die toekenning van die graad met onderskeiding mag goedkeur.

2.7.2.3. ’n Deeltydse student of ’n student wat in ’n afstandsprogram ingeskryf is, moet die program binne die maksimum tydperk soos gespesifiseer in Reël 1.13.2 voltooi om te kwalifiseer vir toekenning van die kwalifikasie met onderskeiding.

2.7.2.4. Die punte behaal in kernmodules wat by ander instansies voltooi is wat vir dié doel deur die Universiteit erken word, moet in ag geneem word met die berekening van die geweegde gemiddelde punt soos bedoel in Reël 2.7.2.1.

3. Bepalings vir die honneursbaccalaureusgraad en die nagraadse diploma

3.1. Struktuur van die honneursbaccalaureusgraad en die nagraadse diploma

3.1.1. Die honneursbaccalaureusgraad en die nagraadse diploma bestaan elk uit 'n aantal modules met 'n minimum totale kredietwaarde van 120 op NKR-vlak 8, gestruktureer volgens die bepalings van Reël 1.2.

3.1.2. Terwyl die program van 'n honneursbaccalaureusgraad die onderneming en rapportering van begeleide navorsing van minstens 30 krediete moet insluit, het 'n nagraadse diploma nie 'n formele navorsingsvereiste nie, onderhewig aan fakulteitsreëls.

3.2. Kredietakkumulasie en -oordrag

3.2.1. In die geval van honneursbaccalaureusgrade is kredietakkumulasie en -oordrag nie van toepassing op die navorsingskomponent van 'n kwalifikasie of program nie.

3.2.2. Kredietakkumulasie en -oordrag moet gebaseer wees op modules of gedoseerde komponente wat op 'n ekwivalente NKR-vlak as die honneursbaccalaureusgraad of die nagraadse diploma voltooi is.

3.2.3. Wanneer 'n voornemende student aansoek doen om toelating tot 'n honneursbaccalaureusgraad of 'n nagraadse diplomastudie kan hy/sy by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om erkenning van voltooide ekwivalente gedoseerde modules wat vereis word vir die kwalifikasie of program waarvoor die student wil toelating kry.

3.2.4. Indien 'n aansoek soos bedoel in Reël 3.2.3 gebaseer is op krediete wat in 'n program behaal is wat deur die Universiteit aangebied word en wat nog nie deur die aansoeker voltooi is nie, kan die betrokke uitvoerende dekaan, binne die raamwerk van die Senaat-goedgekeurde Reëls oor Onderrig-Leer en Assessering, enige of alle krediete toeken waarvoor aansoek gedoen word ter voldoening aan 'n gedeelte van die vereistes van die betrokke kwalifikasie of program.

3.2.5. Indien 'n aansoek soos bedoel in Reël 3.2.3 nie gebaseer is op krediete wat in 'n kwalifikasie of program behaal is wat deur die Universiteit aangebied word en wat nog nie deur die student voltooi is nie, is die erkenning van krediete onderhewig aan die voorwaarde dat die student vyftig persent (50%) van die kwalifikasie of program se gedoseerde modules aan die Universiteit voltooi.

3.3. Bykomende modules

'n Student wat registreer vir 'n baccalaureushonneursgraad of 'n nagraadse diploma kan via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek doen om toegelaat te word om vir bykomende modules van dieselfde kwalifikasie of program of 'n ander kwalifikasie of program te registreer, met dien verstande dat –

3.3.1. dit veroorsaak geen roosterbotsings nie, en

3.3.2. die maksimum aantal krediete waarvoor 'n student in 'n gegewe akademiese jaar mag registreer, soos bepaal in Reël 1.8, word nie oorskry nie.

3.4. Gelyktydige registrasie vir 'n voorgraadse kwalifikasie en 'n honneursgraad of nagraadse diploma

Met inagneming van die relevante bepalings van Reël 1.9.6 en Reël 2.5 kan die honneursgraad of nagraadse diploma nie toegeken word aan 'n student wat toestemming ontvang het vir gelyktydige registrasie vir 'n baccalaureusgraad en 'n honneursgraad of nagraadse diploma voordat daar aan al die vereistes vir die verwerwing van die toepaslike voorgraadse kwalifikasie voldoen is nie.

3.5. Assessering

3.5.1. Eksaminators, assessors en moderators

3.5.1.1. Vir elke module in 'n honneursgraad of nagraadse diploma is daar minstens één interne eksaminator of assessor en minstens één interne moderator.

3.5.1.2. Elke module word minstens jaarliks ekstern gemodereer deur 'n persoon wat oor die toepaslike kwalifikasies beskik, wat ten minste op NKR-vlak 9 moet wees, met dien verstande dat sodanige persoon nie 'n personeellid mag wees nie en ook nie aan die Universiteit verbonde mag wees deur middel van 'n buitengewone aanstelling nie.

3.5.1.3. Fakulteitsreëls moet spesifiseer of slegs die finale assesseringsuitslae (ongeag die assesseringspraktyk) in 'n kwalifikasie of program aan eksterne moderering onderwerp moet word en of ander summatiewe assesseringskomponente ook ekstern gemodereer moet word.

3.5.1.4. Eksterne moderators moet vir ten minste een jaar, maar nie meer as drie agtereenvolgende jare nie, op aanbeveling van die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan aangewys word en deur die fakulteitsraad goedgekeur word.

3.5.1.5. 'n Eksterne moderator moet kommentaar lewer op die geldigheid van die assesseringsinstrumente, die gehalte van studenteprestasie en die standaard van studenteprestasie, die betroubaarheid van die merkproses, en enige kommer of ongerymdhede met betrekking tot die nakoming van institusionele en, waar toepaslik, professionele regulasies.

3.5.1.6. Die studieleier van 'n honneursbaccalaureus-navorsingskomponent van die kwalifikasie of program kan nie aangewys word as 'n interne eksaminator van sodanige komponent nie.

3.5.1.7. Met betrekking tot die moderering van modules wat in die tradisionele assesseringspraktyk aangebied word:

3.5.1.7.1. 'n Eksterne moderator moet minstens tien persent (10%) van die eksamenskrifte vir elke vraestel merk, en moet lukrake kontroles doen van minstens twintig persent (20%) van die eksamenskrifte vir elke vraestel.

3.5.1.7.2. Waar minder as vyftig (50) studente eksamenskrifte, -lêers of -vouers ingedien het soos aangedui in Reël 3.5.1.2 moet minstens tien (10) eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word, en in gevalle waar minder as tien (10) studente eksamenskrifte, -lêers of -vouers ingedien het, moet al die eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word.***

3.5.1.8. Met betrekking tot die moderering van modules wat in die deurlopende assesseringspraktyk aangebied word:

3.5.1.8.1. Die assesseringsplan vir 'n module moet ekstern gemodereer word.

3.5.1.8.2. 'n Eksterne moderator moet minstens tien persent (10%) van die assessering merk wat die grootste gewig dra, of die assessering wat meer as twintig persent (20%) tot die finale modulepunt bygedra het.

3.5.1.8.3. Waar minder as vyftig (50) studente 'n assessering ingedien het soos aangedui in Reël 3.5.1.2, moet minstens tien (10) eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word, en in gevalle waar minder as tien (10) studente 'n assessering ingedien het, moet al die assesserings deur die eksterne moderator gemerk word.

3.5.2. Aantal eksamengeleenthede in die tradisionele assesseringspraktyk

3.5.2.1. 'n Student wat modules van 'n honneursgraad of 'n nagraadse diplomaprogram druip, kan deur die betrokke uitvoerende dekaan tot 'n tweede eksamengeleentheid toegelaat word, met dien verstande dat 'n deelname- of modulepunt van minstens veertig persent (40%), wat ook al van toepassing is ingevolge Reël 1.12.2.1 of Reël 1.12.2.3, in die betrokke module behaal is.

3.5.2.2. Die betrokke uitvoerende dekaan kan besluit om 'n student binne die maksimum toelaatbare studietydperk tot tweede eksamengeleenthede toe te laat vir ander redes as wat in Reël 3.5.2.1 uiteengesit word.

3.5.3. Aantal assesseringsgeleenthede in die deurlopende assesseringspraktyk

3.5.3.1 'n Student moet ten minste tagtig persent (80%) van die voorgeskrewe deurlopende assesseringstake indien om 'n modulepunt te behaal.

3.5.3.2 Vir elke voorgeskrewe assesseringstaak kan die betrokke dosent ná terugvoering vir die student 'n enkele geleentheid gun om 'n herindiening van die betrokke taak te maak om verbeterde prestasie te demonstreer, in welke geval die punte behaal in die tweede inhandiging die finale punt is.

3.6. Verwerwing van die graad

3.6.1. Voldoening aan vereistes

Met inagneming van die voorwaardes van Reëls 1.3.3, 1.12, 1.16 en 1.18.3 word 'n honneursbaccalaureusgraad of nagraadse diploma verwerf wanneer finale verifikasie en ouditbevestiging ontvang word dat 'n student al die modules suksesvol voltooi het wat in die toepaslike fakulteitsjaarboek vir die betrokke kwalifikasie of program voorgeskryf word.

3.6.2. Kwalifikasie met onderskeiding

3.6.2.1. 'n Honneursbaccalaureusgraad of nagraadse diploma word met onderskeiding toegeken indien 'n student 'n geweegde gemiddelde van minstens vyf-en-sewentig persent (75%) behaal in al die kernmodules wat in die toepaslike kurrikulumkaart as sodanig geïdentifiseer is.

3.6.2.2. 'n Voltydse student wat in 'n kontakkwalifikasie of -program ingeskryf is, moet die kwalifikasie of program binne die minimum tydperk soos gespesifiseer in die fakulteitsjaarboek voltooi om te kwalifiseer vir toekenning van die kwalifikasie met onderskeiding, tensy die versuim om aan die minimum tydperkvereistes te voldoen 'n gevolg is van onderbreking van die studie weens mediese redes, in welke geval die betrokke uitvoerende dekaan die toekenning van die graad met onderskeiding mag goedkeur.

3.6.2.3. 'n Deeltydse student of 'n student wat in 'n afstandskwalifikasie of -program ingeskryf is, moet die kwalifikasie of program binne die maksimum tydperk soos gespesifiseer in Reël 1.13.2 voltooi om te kwalifiseer vir die toekenning van die kwalifikasie met onderskeiding.

3.6.2.4. Die punte behaal in kernmodules wat by ander instansies voltooi is wat vir dié doel deur die Universiteit erken word, moet in ag geneem word met die berekening van die geweegde gemiddelde punt soos bedoel in Reël 3.6.2.1.

4. Bepalings vir algemene en professionele meestersgrade

4.1. Handleiding vir M- en D-studie

Behoudens die bepalings van hierdie reëls reguleer die Handleiding vir M- en D-studie, soos van tyd tot tyd goedgekeur en gewysig deur die Senaat, aangeleenthede met betrekking tot die voorbereiding vir, vordering, leiding, voltooiing en beëindiging van meestersgraadstudie.

4.2. Doel en struktuur van algemene en professionele meestersgrade

4.2.1. Waar 'n algemene meestersgraad gemik is op die opvoeding en opleiding van navorsers wat kan bydra tot die ontwikkeling van kennis op 'n gevorderde vlak, is die professionele meestersgraad gemik op die opvoeding en opleiding van graduandi vir gevorderde en gespesialiseerde professionele werk, met die vermoë om op 'n gevorderde vlak te kan bydra tot die ontwikkeling van kennis.

4.2.2. Tensy anders bepaal in fakulteitsreëls weens statutêre en professionele liggame se vereistes bestaan algemene en professionele meestersgrade uit 'n totaal van 180 krediete.

4.2.3. Die Universiteit kan 'n algemene meestersgraad aanbied in die vorm van –

4.2.3.1. 'n **navorsingsmeestersgraad d.m.v. verhandeling** met 'n minimum van 180 krediete vir navorsing;

4.2.3.2. 'n **gedoseerde meestersgraad en 'n verhandeling** met 'n minimum van 100 en 'n maksimum van 135 krediete vir navorsing, en

4.2.3.3. 'n **gedoseerde meestersgraad en 'n skripsie** met 'n minimum van 60 en 'n maksimum van 99 krediete vir navorsing.

4.2.4. 'n **Professionele meestersgraad** wat deur die Universiteit aangebied word, moet 'n onafhanklike navorsingskomponent insluit wat, ingevolge die toepaslike fakulteitsreëls, minstens 45 krediete bevat, bestaande uit óf 'n enkele navorsings- of tegniese projek óf 'n reeks kleiner projekte wat innovasie- of professionele kundigheid demonstreer.

4.3. Vereistes vir ’n meestersgraad

4.3.1. Behoudens bykomende vereistes waarvoor voorsiening gemaak kan word in fakulteitsreëls is die komponente van ’n algemene meestersgraad –

4.3.1.1. vir ’n navorsingsmeestersgraad d.m.v. verhandeling, ’n geskrewe verhandeling of ekwivalente navorsingsproduk soos bedoel in Reëls 4.2.3.1 en 4.4;

4.3.1.2. vir ’n gedoseerde meestersgraad en verhandeling, gedoseerde modules waarvoor formatiewe en summatiewe assesserings vereis word, en ’n verhandeling of ekwivalente navorsingsproduk soos bedoel in Reëls 4.2.3.2 en 4.4, en

4.3.1.3. vir ’n gedoseerde meestersgraad en ’n skripsie, gedoseerde modules waarvoor formatiewe en summatiewe assesserings vereis word, en ’n verhandeling of ekwivalente navorsingsproduk soos bedoel in Reëls 4.2.3.2 en 4.4, en

4.3.2. Behoudens die vereistes soos uiteengesit in Reël 4.2.4 is die komponente van ’n professionele meestersgraad gedoseerde modules waarvoor formatiewe en summatiewe assessering vereis word, en ’n onafhanklike navorsingskomponent in die vorm van ’n enkele navorsings- of tegniese projek of ’n reeks navorsings- of tegniese projekte, insluitend ’n navorsingsartikel of ’n gepubliseerde of toegestaande patent, of enige vorm van kreatiewe uitset soos bedoel in Reël 4.4.4.

4.3.3. Fakulteitsreëls kan van ’n meestersgraadstudent verwag om ’n navorsingsartikel aan ’n joernaal voor te lê om te kwalifiseer vir die toekenning van die graad.

4.3.4. Indien gedoseerde modules in ’n meestersgraadprogram vereis word, moet daardie modules, behoudens uitsonderings soos uiteengesit in fakulteitsreëls, voltooi word voordat die navorsingskomponent ingedien kan word vir eksaminering.

4.4. Vereistes vir die navorsingskomponent van ’n meestersgraad

4.4.1. Behoudens die uitsonderings soos uiteengesit in Reëls 4.4.2 en 4.4.3 is die vereistes vir die navorsingskomponent van ’n meestersgraad die suksesvolle indiening en eksaminering van ’n geskrewe verhandeling, skripsie, of een of meer navorsingsverslae of projekte in die geval van ’n professionele meestersgraad.

4.4.2. Fakulteitsreëls kan bepaal dat volle of gedeeltelike voldoening aan die navorsingskomponent van ’n meestersgraad die vorm kan aanneem van een of meer publiseerbare of gepubliseerde navorsingsartikels in ’n spesifieke vakgebied, met inagneming van die vereistes van Reëls 4.13 en 4.14 en met spesifisering van die minimum aantal navorsingsartikels wat vereis word in plaas van ’n verhandeling, ’n skripsie, of die navorsingskomponent van ’n professionele meestersgraad.

4.4.3. Fakulteitsreëls kan bepaal dat volle of gedeeltelike voldoening aan die navorsingskomponent van ’n meestersgraad gepubliseerde patente of toegestaande patente in ’n relevante vakgebied kan insluit, onderhewig aan die bepalings van Reëls 4.14.3 en 4.14.4.

4.4.4. Fakulteitsreëls kan bepaal dat daar gedeeltelik of ten volle aan die vereistes vir die navorsingskomponent van bepaalde meestersgraadprogramme voldoen kan word deur –

4.4.4.1. die lewering van ’n konsertreeks;

4.4.4.2. die samestelling van ’n portefeulje van skeppende werke bestaande uit artefakte, kunswerke, ontwerpe of komposisies, of

4.4.4.3. die aanbieding van ’n professionele uitstalling bestaande uit ’n stel oorspronklike kunswerke, artefakte, installasies of konseptualiserings.

4.5. Kredietakkumulasie en -oordrag

4.5.1. Kredietakkumulasie en -oordrag is nie van toepassing op die navorsingskomponent van ’n meestersgraadprogram nie.

4.5.2. Kredietakkumulasie en -oordrag moet gebaseer wees op modules of gedoseerde komponente wat op ’n ekwivalente NKR-vlak as die meestersgraad voltooi is.

4.5.3. Wanneer ’n voornemende student aansoek doen om toelating tot ’n meestersgraadstudie kan hy/sy by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om erkenning van voltooide ekwivalente gedoseerde modules wat vereis word vir die meestersgraadprogram waarvoor die student wil

registreer.

4.5.4. Indien 'n aansoek soos bedoel in Reël 4.5.3 gebaseer is op krediete wat in 'n program behaal is wat deur die Universiteit aangebied word en wat nog nie deur die student voltooi is nie, kan die betrokke uitvoerende dekaan, binne die raamwerk van die Senaat-goedgekeurde Reëls oor Onderrig-Leer en Assessering, enige of alle krediete toeken waarvoor aansoek gedoen word ter voldoening aan 'n gedeelte van die vereistes van die betrokke kwalifikasie of program.

4.5.5. Indien 'n aansoek soos bedoel in Reël 4.5.3 nie gebaseer is op krediete wat in 'n kwalifikasie of program behaal is wat deur die Universiteit aangebied word en wat nog nie deur die student voltooi is nie, is die erkenning van krediete onderhewig aan die voorwaarde dat die student vyftig persent (50%) van die kwalifikasie of program se gedoseerde modules aan die Universiteit voltooi.

4.6. Bykomende gedoseerde modules

'n Student wat registreer vir 'n meestersgraad kan via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek doen om toegelaat te word om vir bykomende modules te registreer benewens dié wat vereis word vir die kurrikulum van die betrokke kwalifikasie of program, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

4.6.1. dit veroorsaak geen roosterbotsings nie, en

4.6.2. die maksimum aantal krediete waarvoor 'n student in 'n gegewe akademiese jaar mag registreer, soos bepaal in Reël 1.8, word nie oorskry nie.

4.7. Registrasie

4.7.1. 'n Student wat nie registreer voor of op die registrasiedatum soos bepaal in die universiteitsjaarkalender nie, kan in dieselfde kalenderjaar by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om laatregistrasie, waarvoor die betaling van 'n boete deur die Registrateur voorgeskryf kan word.

4.7.2. 'n Student wat nie in 'n bepaalde jaar registreer nie, maar die studie in 'n daaropvolgende jaar wil voortsit, moet ingevolge Reël 1.18 by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om hertoelating.

4.7.3. Die betrokke uitvoerende dekaan kan redelike voorwaardes stel vir laat registrasie of hertoelating in 'n daaropvolgende jaar.

4.7.4. Indien 'n meestersgraadstudent in gebreke bly om in enige jaar as student te herregistreer voor of op die tyd daarvoor deur die universiteitsjaarkalender bepaal, kan die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan die onderwerp van die beplande navorsing, indien dit reeds geregistreer is, aan 'n ander student in dieselfde navorsingsentiteit toewys.

4.7.5. Herregistrasie vir gedoseerde modules

'n Student kan binne die maksimum toelaatbare studietydperk gedoseerde modules herhaal wat nie vyf-en-twintig persent (25%) van die totale krediete van die gedoseerde komponent van 'n meestersgraadprogram oorskry nie.

4.8. Afwesigheidsverlof

4.8.1. 'n Geregistreerde meestersgraadstudent wat die redes motiveer om nie in 'n bepaalde jaar met studie voort te gaan nie, kan via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek doen om verlof tot afwesigheid vir die betrokke jaar.

4.8.2. Verlof tot afwesigheid mag slegs vir een jaar in die loop van 'n student se inskrywing toegestaan word.

4.8.3. 'n Student aan wie verlof tot afwesigheid toegestaan word, bly aanspreeklik vir die betaling van die registrasiegeld vir die tydperk van afwesigheid.

4.8.4. 'n Student aan wie verlof tot afwesigheid toegestaan is, het nie toegang tot enige kampus en aanlyn fasiliteite van die Universiteit nie.

4.8.5. Die reëls met betrekking tot die maksimum duur van studie waarvoor in Reël 1.13 voorsiening gemaak word, bly geld ten spyte van die toestaan van verlof tot afwesigheid.

4.8.6. Die Universiteit behou die reg voor om die studie te kanselleer van 'n student wat versuim om te registreer in die jaar na die tydperk van goedgekeurde afwesigheid.

4.8.7. Die toestaan van afwesigheidsverlof aan 'n internasionale student is onderhewig aan die volle vooruitbetaling van die registrasiegeld vir die jaar van afwesigheid.

4.9. Vrystelling van registrasie

4.9.1. 'n Meestersgraadstudent wat geringe wysigings aan 'n geëksamineerde verhandeling, skripsie of navorsingsverslag moet aanbring, met 'n uitkoms in ooreenstemming met Reël 4.18.5.1.2, hoef nie vir 'n nuwe akademiese jaar te registreer nie, mits die nodige wysigings bevredigend aangebring word voor die middel van Februarie van die betrokke jaar of, indien die Registrateur so besluit, voor die afsluiting van die graduandi-lys, in welke geval die graad by die betrokke jaar se herfsgradeplegtigheid toegeken kan word.

4.9.2. 'n Meestersgraadstudent wat alle gedoseerde modules behalwe één geslaag het wat vereis word vir die voltooiing van 'n program wat tot 'n magisterkwalifikasie lei, kan kwalifiseer vir 'n addisionele finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module ooreenkomstig Reël 1.12.7.1 of 1.12.7.2, wat ook al van toepassing is.

4.10. Studieleiding

4.10.1. 'n Meestersgraadstudie moet geregistreer word binne die akademiese sfeer van 'n navorsingsentiteit of 'n skool.

4.10.2. 'n Student wat toegelaat is tot 'n meestersgraadprogram werk onder toesig van 'n studieleier soos aangewys, behoudens goedkeuring van die betrokke fakulteitsraad, deur die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan.

4.10.3. 'n Studieleier of medestudieleier van die navorsingskomponent van 'n meestersgraad moet self ten minste oor 'n meestersgraad in 'n verwante vakgebied beskik.

4.10.4. 'n Fakulteitsraad in uitsonderlike omstandighede goedkeuring verleen vir die aanwysing van 'n medestudieleier op grond van relevante tegniese kundigheid, selfs as sodanige persoon nie oor 'n meestersgraad beskik nie.

4.10.5. 'n Meestersgraadstudent kan, voor indiening van 'n navorsingsproduk vir eksaminering, ontevredenheid oor enige aspek van die studieleiding deur 'n studieleier of medestudieleier skriftelik aan die betrokke uitvoerende dekaan te kenne gee, wat dan skriftelik moet terugvoer gee aan die student voordat die navorsingsproduk ingedien word vir eksaminering.

4.11. Navorsingsvoorstel en titelregistrasie

4.11.1. 'n Student wat ingeskryf is vir 'n navorsingsmeestersgraad deur verhandeling moet binne twaalf maande na die finale datum van registrasie vir meestersgrade soos bepaal in die universiteitsjaarkalender 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir die proefskrif voorlê vir goedkeuring en registrasie deur 'n liggaam wat vir dié doel aangewys is.

4.11.2. 'n Student wat ingeskryf is vir 'n gedoseerde meestersgraad wat 'n enkele navorsingsprojek vereis, moet in oorleg met 'n moontlike studieleier binne ses maande na die voltooiing van die laaste vereiste moduleassessering van die graad 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir die vereiste navorsingsprojek voorlê vir goedkeuring en registrasie deur 'n liggaam wat vir dié doel aangewys is.

4.11.3. 'n Student wat ingeskryf is vir 'n professionele meestersgraad wat 'n enkele navorsingsprojek vereis, moet in oorleg met 'n moontlike studieleier binne twaalf maande na die voltooiing van die laaste vereiste moduleassessering van die graad 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir die vereiste navorsingsprojek vir goedkeuring en registrasie deur 'n liggaam soos bepaal in die fakulteitsreëls voorlê.

4.11.4. Elke navorsingsvoorstel is onderhewig aan etiese klaring, en bevestiging moet voorgelê word aan die fakulteit se komitee vir gevorderde grade.

4.11.5. Die Universiteit kan 'n student se registrasie beëindig indien die vereiste navorsingsvoorstel nie betyds voorgelê word vir goedkeuring nie.

4.12. Voorlegging van die navorsingsproduk van ’n meestersgraad vir eksaminering

4.12.1. ’n Student wat geregistreer is vir ’n meestersgraad moet, met die skriftelike toestemming van die betrokke studieleier, die verhandeling, skripsie, navorsingsverslag of ander navorsingsproduk soos bedoel in Reël 4.4 indien vir eksaminering voor of op die datum vir indiening soos bepaal in die universiteitsjaarkalender om te kwalifiseer vir graduering by die aangewese gradeplegtigheid.

4.12.2. Waar die studieleier toestemming vir die indiening van ’n navorsingsproduk vir eksaminering weerhou, moet die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan, na oorleg met die studieleier en die student, ’n aanbeveling aan die uitvoerende dekaan maak oor die gereedheid van die navorsingsproduk vir indiening vir eksaminering.

4.12.3. Die navorsingsproduk van ’n meestersgraadstudie moet voldoen aan die tegniese vereistes soos uiteengesit in die Handleiding vir Gevorderde Grade-studies.

4.13. Navorsingsartikels ingedien as navorsingsproduk

4.13.1. Indien die fakulteitsreëls bepaal dat ’n navorsingsartikel by ’n geakkrediteerde joernaal ingedien moet word as deel van die vereistes vir die graad, moet die kandidaat bewys lewer van die indiening.

4.13.2. Indien ’n kandidaat toegelaat word om die navorsingsproduk in die vorm van ’n navorsingsartikel of -artikels in te dien, moet sodanige navorsingsproduk as ’n geïntegreerde eenheid voorgelê word vir eksaminering, met ’n probleemstelling, ’n inleiding en ’n sinoptiese gevolgtrekking, en die manuskrip-indieningsriglyne, of die URL-skakel na die manuskripriglyne van die betrokke joernaal of joernale.

4.13.3. Indien enige navorsingsartikel waartoe die meestersgraadkandidaat en ander outeurs of uitvinders bygedra het, voorgelê word as die navorsingsproduk van ’n meestersgraadprogram, moet die kandidaat ’n skriftelike verklaring van elke mede-outeur verkry waarin verklaar word dat sodanige mede-outeur toestemming verleen vir die gebruik van die navorsingsproduk vir die gemelde doel, en waarin verder aangedui word wat elke mede-outeur se akademiese bydrae tot die betrokke navorsingsproduk was.

4.14. Uitvoerende kunste, visuele kunste of ’n patent ingedien as eksamenvereiste

4.14.1. Waar ’n meestersgraadkandidaat in die uitvoerende kunste ’n goedgekeurde konsertprogram voltooi het, moet die kandidaat ook ’n manuskrip indien wat voldoen aan die vereistes vir ’n navorsingsverslag op meestersgraadvlak, tesame met ’n digitale klank- of video-opname van die konsert in ’n vooraf-goedgekeurde formaat.

4.14.2. Waar ’n meestersgraadkandidaat in die visuele of gevoelskunste ’n goedgekeurde uitstalling gehou het, moet die uitstalling gemonteer word en ’n manuskrip ingedien word wat voldoen aan die vereistes vir ’n navorsingsverslag op meestersgraadvlak, tesame met ’n reeks foto's in ’n goedgekeurde formaat van die werke in die uitstalling.

4.14.3. Waar enige gepubliseerde patentaansoek of toegestaande patent ingedien word as die navorsingsproduk van ’n meestersgraadprogram waartoe die meestersgraadkandidaat en ander uitvinders bygedra het, moet die kandidaat ’n skriftelike verklaring van die NWU se Departement Tegnologieoordrag en Innovasiesteun verkry wat die skriftelike toestemming van mede-uitvinders bevat dat die navorsingsproduk vir die vermelde doel gebruik kan word.

4.14.4. Waar mede-uitvinders, soos bedoel in 4.14.3 hierbo, betrokke was by die ontwikkeling van die navorsingsproduk, moet die kandidaat daardie feit in die voorwoord vermeld en die verklaring van die NWU se Departement Tegnologieoordrag en Innovasiesteun direk ná die voorwoord in die navorsingsproduk insluit.

4.14.5. Die Gevorderdegrade-administrasie moet ’n elektroniese eksemplaar van die navorsingsproduk van ’n meestersgraadkandidaat vir minstens 14 kalenderdae ter insae beskikbaar stel aan die universiteitsgemeenskap nadat dit aan die eksaminators versend is, en kennis van sodanige beskikbaarheid moet op ’n toepaslike wyse geskied.

4.15. Terugtrekking van ’n navorsingsproduk nadat dit ingedien is vir eksaminering

’n Navorsingsproduk kan nie teruggetrek word nadat dit ingedien is vir eksaminering nie

4.16. Klassifikasie van ’n navorsingsproduk as vertroulik

Die Universiteit se reëls met betrekking tot die klassifikasie van ’n navorsingsproduk as vertroulik moet in ag geneem word in die proses van eksaminering van die navorsingsproduk van ’n meestersgraad.

4.17. Gelyktydige registrasie vir ’n honneursgraad of ’n nagraadse diploma en ’n meestersgraad

Met inagneming van die relevante bepalings van Reël 1.9.6 en Reël 3.4 kan ’n meestersgraad nie toegeken word aan ’n student wat toestemming ontvang het vir gelyktydige registrasie vir ’n honneursgraad of ’n nagraadse diploma en ’n meestersgraad voordat daar aan al die vereistes vir die verwerwing van die toepaslike honneursgraad of nagraadse diploma voldoen is nie.

4.18. Eksamen

4.18.1. Aanwysing van eksaminators vir die navorsingskomponent van ’n meestersgraad

4.18.1.1. Vir die eksaminering van die navorsingsproduk van elke meestersgraadstudie moet minstens twee eksaminators deur die betrokke uitvoerende dekaan met die goedkeuring van die betrokke fakulteitsraadskomitee aangewys word, waarvan minstens één ’n eksterne eksaminator moet wees.

4.18.1.2. Die naam van ’n eksaminator wat aangewys is ingevolge Reël 4.18.1.1 word nie voor of gedurende die eksamen aan die kandidaat bekendgemaak nie, en ná die eksamen slegs met die goedkeuring van die betrokke eksaminator.

4.18.1.3. Geen eksaminator mag op enige wyse betrokke gewees het by die studieleiding aan die meestersgraadstudent nie.

4.18.2. Eksaminering en moderering

4.18.2.1. ’n Gedoseerde meestersgraadmodule se eksamen word ekstern gemodereer tensy die module ekstern geëksamineer word.

4.18.2.2. Elke gedoseerde module word jaarliks ekstern gemodereer deur ’n persoon wat oor die toepaslike kwalifikasies beskik, wat ten minste op NKR-vlak 9 moet wees, met dien verstande dat sodanige persoon nie ’n personeellid mag wees nie en ook nie aan die Universiteit verbonde mag wees deur middel van ’n buitengewone aanstelling nie.

4.18.2.3. Fakulteitsreëls moet vir elke meestersgraadprogram spesifiseer of slegs die eksamenmateriaal onderwerp moet word aan eksterne moderering en of ander summatiewe assesseringskomponente ook ekstern gemodereer moet word.

4.18.2.4. Eksterne moderators moet vir ten minste een jaar, maar nie meer as drie agtereenvolgende jare nie, op aanbeveling van die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan aangewys word en deur die fakulteitsraad goedgekeur word.

4.18.2.5. ’n Eksterne moderator moet minstens tien persent van die eksamenskrifte vir elke vraestel merk, en moet lukrake kontroles doen van minstens twintig persent van die eksamenskrifte vir elke vraestel.

4.18.2.6. Waar minder as vyftig studente eksamenskrifte ingedien het, moet minstens tien eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word, en in gevalle waar minder as tien studente eksamenskrifte ingedien het, moet al die eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word.

4.18.2.7. ’n Eksterne moderator moet kommentaar lewer op die geldigheid van die assesseringsinstrumente, die gehalte van studenteprestasie en die standaard van studentebereiking, die betroubaarheid van die merkproses, en enige kommer of ongerymdhede met betrekking tot die nakoming van institusionele en, waar toepaslik, professionele regulasies.

4.18.2.8. Die eksaminators van ’n navorsingsproduk van ’n meestersgraadstudie moet ’n oordeel uitspreek oor die vraag of die navorsingsproduk bewys lewer van die kandidaat se vermoë om onafhanklike navorsing in die betrokke vakgebied te doen en om sodanige navorsingsresultate bevredigend te rapporteer.

4.18.2.9. Elke eksaminator dien afsonderlike ’n skriftelike verslag oor die navorsingsproduk by die

toepaslike administratiewe komponent van die betrokke fakulteit in, wat dan deur die betrokke fakulteitskomitee aangestuur word vir prosessering en finalisering.

4.18.2.10. 'n Studieleier of medestudieleier van 'n meestersgraadstudent kommunikeer of onderhandel nie met 'n eksaminator oor enige aangeleentheid met betrekking tot die eksaminering van die student se navorsingsproduk nie.

4.18.2.11. Die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of ander fakulteitstruktuur wat verantwoordelik is vir die goedkeuring van die navorsingskomponent van meestersgrade oorweeg alle eksamineringsverslae met betrekking tot die navorsingsproduk van 'n meestersgraadstudie vir aanbeveling aan en finale goedkeuring deur die betrokke fakulteitsraad van die assesseringsuitkoms.

4.18.2.12. Indien 'n kandidaat volgens die eenparige oordeel van die eksaminators slaag, is sodanige uitslag finaal behoudens die bepalings van Reël 4.18.8.3.

4.18.3. Tweede eksamengeleentheid in gedoseerde modules

Die betrokke uitvoerende dekaan kan, na oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan, 'n tweede eksamen- of assesseringsgeleentheid toestaan aan 'n kandidaat wat 'n eksamen in 'n gedoseerde module van 'n meestersgraadprogram gedruip het.

4.18.4. Slaagvereistes vir 'n gedoseerde module

4.18.4.1. Nieteenstaande die bepalings van Reël 1.12.3.1.2 en Reël 1.12.3.2.1 (wat ook al van toepassing is) kan fakulteitsreëls 'n finale modulepunt van hoër as vyftig persent (50%) vereis om 'n gedoseerde module in 'n meestersgraadprogram te slaag.

4.18.4.2. Nieteenstaande die bepalings van Reël 1.12.3.1, waar 'n eksamenpunt deel uitmaak van die finale modulepunt, moet 'n subminimum van vyftig persent (50%) in die eksamen behaal word, en fakulteitsreëls kan bepaal dat 'n subminimum van meer as vyftig persent (50%) vereis word.

4.18.5. Aanbevelings met betrekking tot die eksaminering van die navorsingsproduk in 'n meestersgraadprogram

4.18.5.1. 'n Eksaminator kan aanbeveel dat 'n navorsingsproduk –

4.18.5.1.1. onvoorwaardelik aanvaar word;

4.18.5.1.2. aanvaar word op voorwaarde dat bepaalde regstellings gemaak word tot die bevrediging van die studieleier;

4.18.5.1.3. aanvaar word op voorwaarde dat bepaalde regstellings van 'n wesenlike aard gemaak word tot die bevrediging van die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan;

4.18.5.1.4. aanvaar word op voorwaarde dat bepaalde regstellings van 'n wesenlike aard gemaak word tot die bevrediging van die betrokke eksaminators;

4.18.5.1.5. nie aanvaar word in sy huidige formaat nie, in welke geval dit na die kandidaat terugverwys word vir hersiening, uitbreiding of wysiging en herindiening vir hereksaminering, of

4.18.5.1.6. glad nie aanvaar word nie, in welke geval die kandidaat druip.

4.18.5.2. Alle kommentaar wat van die universiteitsgemeenskap ontvang word soos bedoel in Reël 4.14.5 moet ingedien word by die betrokke uitvoerende dekaan voor verstryking van die tydperk waarvoor 'n navorsingsproduk ter insae beskikbaar gestel word, wat sodanige kommentaar dan sáám met die eksaminator se verslae aan die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of ander betrokke fakulteitstruktuur moet aanstuur vir evaluering.

4.18.6. Die slaag van die navorsingskomponent van 'n meestersgraad met onderskeiding

4.18.6.1. 'n Verhandeling, skripsie, navorsingsverslag of ander navorsingsproduk word met onderskeiding geslaag indien die eksaminators 'n gemiddelde punt van minstens vyf-en-sewentig persent (75%) toeken.

4.18.6.2. Indien die eksaminators 'n navorsingsproduk terugverwys soos bedoel in reëls 4.18.5.1.5, mag die finale toegekende punt nie sewentig persent (70%) oorskry nie.

4.18.7. Hersienings aan en hereksaminering van die navorsingsproduk van ’n meestersgraad

4.18.7.1. Die studieleier van ’n navorsingsproduk moet binne 14 kalenderdae nadat al die eksaminatorsverslae ontvang is en in oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan ’n memorandum aan die kandidaat voorsien waarin die aard en omvang van die hersiening of uitbreiding soos bedoel in Reël 4.18.5.1.2, 4.18.5.1.3, 4.18.5.1.4 en 4.18.5.1.5 uiteengesit word.

4.18.7.2. Ten einde beskou te word as ’n graduandus in die akademiese jaar waartydens die navorsingsproduk ingedien is vir eksaminering moet ’n hersiene, gewysigde of uitgebreide navorsingsproduk ingedien word voor of op die datum wat vir daardie doel in die universiteitsjaarkalender bepaal is.

4.18.7.3. Waar ’n navorsingsproduk na ’n kandidaat terugverwys word vir hersiening of uitbreiding, moet die hersiene produk ingedien word binne één jaar na bekendmaking van die uitslag aan die kandidaat soos bedoel in Reël 4.18.7.1, tensy die kandidaat grondige redes verskaf in ’n aansoek, in welke geval die betrokke uitvoerende dekaan uitstel kan verleen.

4.18.7.4. ’n Navorsingsproduk wat op grond van ’n uitkoms ingevolge Reël 4.18.5.1.5 hersien is, kan slegs één keer na ’n kandidaat toe terugverwys word en, na hersiening, één keer vir hereksaminering ingedien word.

4.18.7.5. Die eksaminators wat aangewys is vir die oorspronklike eksaminering word ook as aangewys beskou vir die hereksaminering, maar as dit nodig of gerade geag word, kan ander of bykomende eksaminators aangewys word.

4.18.8. Onduidelikheid of verskille oor eksamenuitslae

4.18.8.1. Waar die eksaminators of moderators in die geval van ’n gedoseerde module nie eenparig daaroor is dat die student ’n module slaag of met onderskeiding slaag nie, of, in die geval van ’n navorsingsproduk, waar die kommentaar wat ingevolge Reël 4.14.5 van lede van die universiteitsgemeenskap ontvang is wesenlik van die eksaminators se aanbevelings verskil, moet die betrokke uitvoerende dekaan die prosedures volg soos bedoel in Reël 4.18.8.3 voordat die finale besluit met betrekking tot die uitkoms geneem word.

4.18.8.2. ’n Wesenlike verskil met betrekking tot die eksaminering van ’n navorsingsproduk soos afgehandel ooreenkomstig Reël 4.18.8.1 word geag te bestaan indien –

4.18.8.2.1. die verslae van die eksaminators verskil oor die vraag of die navorsingsproduk met of sonder wysigings aanvaar kan word, terugverwys moet word vir hersiening, of nie aanvaar kan word nie;

4.18.8.2.2. die punte wat deur die eksaminators toegeken is met meer as vyftien persent (15%) verskil, of

4.18.8.2.3. kommentaar wat uit die terinsaelegging deur die universiteitsgemeenskap soos bedoel in reël 4.14.5 ontstaan, wesenlik van die eksaminators se aanbevelings verskil.

4.18.8.3. Waar verskille in die aard soos bedoel in Reël 4.18.8.1 voorkom, kan die uitvoerende dekaan in oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan enige onduidelikhede in eksaminatorsverslae of in kommentaar met betrekking tot ’n gedoseerde module of navorsingsproduk met die eksaminators of met lede van die universiteitsgemeenskap wat kommentaar oor ’n gedoseerde module of die navorsingsproduk gelewer het, opklaar.

4.18.8.4. Die betrokke uitvoerende dekaan moet stappe doen om te verseker dat ’n eksamenuitslag behaal word indien ’n wesenlike verskil bestaan soos bedoel in Reël 4.18.8.2, wat kan insluit –

4.18.8.4.1. dat ’n eksterne kundige genooi word om die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of soortgelyke struktuur van advies te bedien;

4.18.8.4.2. dat ’n bykomende eksterne eksaminator aangewys word om die navorsingsproduk te assesseer ingevolge Reël 4.15.1 en wie se assessering ingesluit sal word in die finalisering van die assesseringsuitslag, of

4.18.8.4.3. dat ’n onafhanklike arbiter aangewys word wie se rol beperk is tot die oorweging van die navorsingsverslag en die eksaminators se verslae, en om ’n aanbeveling oor die assesseringsuitslag te maak, uitgesluit toekenning van ’n punt.

4.18.8.5. Die betrokke fakulteitsraad gee goedkeuring vir die finale uitkoms van ’n eksamen na oorweging van die aanbeveling van die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of soortgelyke struktuur oor die assesseringsuitslag gebaseer op die uitkoms van die stappe gedoen deur die uitvoerende dekaan ingevolge Reël 4.18.8.4, en, as die fakulteitsraad nie die saak kan bylê nie, moet die uitvoerende dekaan ’n finale besluit neem.

4.18.9. Geskilbeslegting

4.18.9.1. ’n Meestersgraadstudent kan, in die geval van ontevredenheid met die manier waarop die eksaminering gedoen is, ’n geskil met die Universiteit verklaar deur skriftelike kennisgewing aan die Registrateur binne 14 dae na kommunikasie aan die student van die finale besluit oor die assesseringsuitkoms.

4.18.9.2. Binne tien dae nadat kennis van ’n geskil ontvang is soos bedoel in Reël 4.18.9.1 moet die Registrateur duidelikheid kry van die betrokke uitvoerende dekaan of die beswaar wat deur die student geopper is geregverdig is al dan nie, toesien dat die nodige remediërende stappe gedoen word, en die klaer dienooreenkomstig antwoord.

4.18.9.3. Indien die klaer nie tevrede is met die respons van die Registrateur soos bedoel in Reël 4.18.9.2 nie, roep die Registrateur ’n paneel byeen bestaande uit minstens twee uitvoerende dekane wat nie vantevore by die aangeleentheid betrokke was nie om binne veertien werksdae oor die meriete van die geskil te oordeel.

4.18.9.4. Die bevindinge van die paneel wat byeengeroep is ingevolge Reël 4.18.9.3 kan wees dat –

4.18.9.4.1. die korrekte prosedures gevolg is en dat die geskil geen meriete het nie;

4.18.9.4.2. die saak na die betrokke uitvoerende dekaan toe terugverwys word om toe te sien dat prosedurele tekortkominge of foute reggestel word;

4.18.9.4.3. die saak na ’n alternatiewe geskilbeslegtingsproses toe verwys moet word, of

4.18.9.4.4. die saak vir arbitrasie verwys moet word.

4.18.9.5. Indien die klaer nie tevrede is met die uitkoms soos bedoel in Reël 4.18.9.4.1 of Reël 4.18.9.4.2 nie, of indien die paneel bevind dat die saak deur middel van ’n alternatiewe geskilbeslegtingsproses behartig moet word ingevolge Reël 4.18.9.4.3 en die klaer daartoe instem, moet die Registrateur toesien dat ’n paneel van minstens drie kundiges in die betrokke vakgebied of met wye ervaring in nagraadse eksaminering aangewys word met kennisgewing aan die klaer om die klag te ondersoek en aanbevelings te maak vir beslegting daarvan.

4.18.9.6. Indien die paneel die saak vir arbitrasie verwys ingevolge Reël 4.18.9.4.4 moet die betrokke uitvoerende dekaan en die klaer elk binne drie weke die name en besonderhede van hoogstens drie persone aan die Registrateur voorlê om aangewys te word as arbiter of arbitrasiepaneel; alle arbiters moet kundiges wees in die betrokke vakgebied of oor wye ervaring beskik in nagraadse eksaminering, en die klaer moet skriftelik instem om die koste van die arbitrasie te dra of te deel indien dit die uitkoms is soos bedoel in Reël 4.18.9.8.

4.18.9.7. Die arbiter wat aangewys word ingevolge Reël 4.18.9.6 moet op hoogte wees, of bereid wees om op hoogte te kom, van arbitrasieprosedures soos vervat in die jongste weergawe van die Rules for the Conduct of Arbitrations van die Association of Arbitrators (Southern Africa) en om sodanige reëls in die arbitrasieproses toe te pas.

4.18.9.8. Die uitkoms van ’n arbitrasieproses kan insluit ’n toekenning vir spesifieke nakoming, ’n interdik, skadevergoeding, ’n boete, ’n kostebevel, met inbegrip van die koste verbonde aan regsverteenwoordiging op ’n prokureur-en-kliënt-skaal, of enige ander bevel wat die arbiter of arbitrasiepaneel onder die omstandighede as toepaslik beskou.

4.19. Intellektuele eiendom in en publikasie van navorsingsprodukte

4.19.1. Alle intellektuele eiendom wat in die loop van ’n meestersgraadstudie geskep word, is onderhewig aan die Universiteit se Intellektuele Eiendom-beleid.

4.19.2. Die Universiteit is daarop geregtig om enige navorsingsproduk in die finale vorm waarin dit deur ’n meestersgraadkandidaat ingedien is, fisies of elektronies te vermenigvuldig en dit te versprei of beskikbaar te stel.

4.19.3. ’n Meestersgraadgraduandus moet die publikasie van die resultate van die studie binne ses maande na toekenning van die graad onderneem, maar die Universiteit kan, indien die graduandus dit nie doen nie, publikasie onderneem na kennisgewing van sy voorneme om dit te doen.

4.19.4. Publikasie deur die Universiteit soos bedoel in Reël 4.19.3 kan onderneem word sonder die skriftelike toestemming van die graduandus, maar die betrokke graduandus word as eerste outeur erken, behalwe waar wesenlike verwerking van die teks deur ’n ander persoon onderneem word, of indien die graduandus skriftelik versoek om nie vermeld te word nie.

4.19.5. 'n Meestersgraadstudent wat ingevolge hierdie reëls 'n publikasie gebaseer op 'n navorsingsproduk van die studie moet of wil indien, moet die betrokke studieleier se advies inwin oor die wetenskaplike gehalte van die navorsingsproduk, die seleksie van 'n geskikte publikasie of publikasiemedium, moontlike oorwegings van vertroulike klassifikasie, en die vereistes en implikasies van Reël 4.19.7 en Reël 4.19.8.

4.19.6. Die betrokke studieleier moet voldoening aan Reël 4.12.5 vermeld in die verslag soos bedoel in Reël 1.14.4.

4.19.7. In 'n publikasie soos bedoel in Reël 4.19.5 moet die studieleier of studieleiers aangehaal word.

4.19.8. 'n Meestersgraadgraduandus word as die enigste outeur van 'n navorsingsproduk van die studie beskou tensy 'n ander persoon, met inbegrip van die studieleier, 'n beduidende bydrae tot die produksie van die publikasie maak, soos onderskei van die navorsingsproduk, om mede-outeurskap uit te maak, met inagneming van die konvensies van die betrokke dissipline, of waar 'n ander persoon die primêre verantwoordelikheid neem vir die skryf van die publikasie, tot so 'n mate dat dit die eerste outeurskap van sodanige ander persoon regverdig.

4.20. Embargo-tydperk vir 'n voltooide verhandeling ten aansien waarvan die graad toegeken is

4.20.1. 'n Meestersgraadgraduandus kan via die betrokke biblioteekportaal 'n versoek rig aan die Hoofdirekteur Biblioteekdienste vir 'n embargo-tydperk van tot twee jaar vir die publikasie van die navorsingsproduk op die NWU-bewaarplek, Boloka.

4.20.2. Meestersgraadgraduandi moet in alle gevalle by die publikasieskedules van eksterne navorsingsborge soos die NNS hou.

4.21. Omskakeling van meestersgraadstudie na doktorale studie tydens studietydperk

4.21.1. Die studieleier van 'n navorsingsmeestersgraadkandidaat kan met die instemming van die kandidaat 'n omvattende motivering by die betrokke uitvoerende dekaan indien om die registrasie vir die magistergraad na registrasie vir 'n algemene doktorsgraad te verander.

4.21.2. Voor indiening by die betrokke fakulteitsraad moet die uitvoerende dekaan die advies van 'n assesseringspaneel inwin bestaande uit minstens een eksterne kundige in die vakgebied, die betrokke akademiese direkteur, en minstens een vol professor in die betrokke fakulteit.

4.21.3. Goedkeuring vir die opgradering van 'n meestersgraadstudie na 'n doktorale studie moet gebaseer wees op 'n beduidende bewese verandering in die omvang van die navorsingsprojek en die potensiële impak daarvan op kennisproduksie in die vakgebied, en kan slegs verleen word –

4.21.3.1. voordat die navorsingsproduk van die meestersgraadstudie ingedien word vir eksaminering;

4.21.3.2. indien die kandidaat minstens een jaar van registrasie vir die meestersgraad voltooi het;

4.21.3.3. indien die voorgenome studie voldoen aan al die reëls en vereistes van hierdie reëls met betrekking tot 'n doktorsgraad, en

4.21.3.4. indien die kandidaat vir minstens één bykomende jaar as 'n doktorale kandidaat registreer.

4.21.4. Voordat enige formele assessering van die navorsingsproduk van 'n studie wat van meestersgraadvlak na doktorsgraadvlak opgegradeer is, plaasvind, kan die betrokke kandidaat 'n skriftelike en gemotiveerde versoek by die uitvoerende dekaan indien om die studie op meestersgraadvlak te hou.

4.21.5. Goedkeuring van 'n versoek soos bedoel in Reël 4.17.1.4 moet ondersteun word deur die studieleier en die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan.

4.22. Omskakeling van 'n meestersgraadstudie as gevolg van die eksamineringsproses:

4.22.1. In uitsonderlike gevalle waar alle eksaminators van 'n navorsingsmeestersgraadstudie-navorsingstuk bevind dat die potensiële impak op kennisproduksie in die vakgebied kan bydra tot die ontwikkeling van kennis op die mees gevorderde vlak, kan die betrokke fakulteit se komitee vir gevorderde grade die omskakeling van die betrokke studie na 'n doktorale studie aan die fakulteitsraad motiveer.

4.22.2. Voor indiening by die betrokke fakulteitsraad moet die uitvoerende dekaan die advies van 'n assesseringspaneel (bestaande uit minstens een eksterne kundige in die vakgebied, die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan, en minstens een vol professor in die betrokke fakulteit) inwin oor die voorgestelde omskakeling.

4.22.3. Die studieleier en student moet ingelig word oor die uitkoms van die eksamenproses, die aanbeveling van alle eksaminators en dié van die assesseringspaneel, en moet daartoe instem dat –

4.22.3.1. 'n meestersgraad nie toegeken sal word nie;

4.22.3.2. daar aan al die vereistes vir doktorale studies soos uiteengesit in die relevante subparagrawe van Reël 5 voldoen sal word, en

4.22.3.3. die student vir 'n minimum tydperk van één jaar vir doktorale studies geregistreer sal wees.

4.23. Verlenging van die studietydperk

4.23.1. 'n Aansoek om verlenging van die studietydperk deur 'n meestersgraadkandidaat, ingedien by die uitvoerende dekaan via die studenteportaal, moet ondersteun word deur 'n aanbeveling deur die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan.

4.23.2. 'n Aansoek om verlenging van die studietydperk vir 'n meestersgraad moet aandui –

4.23.2.1. dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is;

4.23.2.2. watter vordering reeds gemaak is deur die aansoeker;

4.23.2.3. wat nog gedoen moet word om die studie te voltooi;

4.23.2.4. wat die tydskedule vir afhandeling is, en

4.23.2.5. of die studieleier steeds beskikbaar is.

4.23.3. Toestemming vir verlenging van die studie soos bedoel in hierdie reël is onderhewig aan betaling van 'n heffing soos bepaal deur die Registrateur.

4.24. Verwerwing van die graad

4.24.1. Voldoening aan vereistes

Ingevolge Reël 1.3.3, 1.13, 1.16, 1.18.3 en 4.2 kan 'n meestersgraad toegeken word wanneer finale verifikasie en ouditbevestiging ontvang word dat 'n student aan die vereistes van Reël 4.3 en Reël 4.4 voldoen het.

4.24.2. Verwerwing van die kwalifikasie met onderskeiding

4.24.2.1. 'n Navorsingsmeestersgraad word met onderskeiding toegeken indien 'n gemiddelde punt van vyf-en-sewentig persent (75%) behaal word vir die navorsingsproduk soos bedoel in Reël 4.4.

4.24.2.2. 'n Gedoseerde meestersgraad word met onderskeiding toegeken indien 'n geweegde gemiddelde van vyf-en-sewentig persent (75%) behaal word vir die gedoseerde modules en die navorsingskomponent.

4.24.2.3. 'n Professionele meestersgraad word met onderskeiding geslaag indien 'n geweegde gemiddelde van vyf-en-sewentig persent (75%) behaal word vir al die modules wat in fakulteitsreëls voorgeskryf word.

5. Artikel 5: Bepalings vir navorsing en professionele doktorsgrade

5.1. Handleiding vir M- en D-studie

Behoudens die bepalings van hierdie reëls reguleer die Handleiding vir M- en D-studie, soos van tyd tot tyd goedgekeur en gewysig deur die Senaat, aangeleenthede met betrekking tot die voorbereiding vir, vordering, leiding, voltooiing en beëindiging van doktorale studie.

5.2. Direktiewe vir navorsing en professionele doktorale studie

5.2.1. Waar 'n navorsingsdoktorsgraad gemik moet wees op die opvoeding en opleiding van navorsers wat kan bydra tot die ontwikkeling van kennis op die mees gevorderde vlak, moet die professionele doktorsgraad gemik wees op die opvoeding en opleiding van graduandi vir gevorderde en gespesialiseerde professionele werk, met die vermoë om op 'n gevorderde vlak te kan bydra tot die ontwikkeling van kennis in 'n professionele konteks.

5.2.2. Tensy anders bepaal in fakulteitsreëls weens statutêre en professionele liggame se vereistes bestaan doktorsgrade uit 'n minimum van 360 krediete.

5.2.3. Gedoseerde werk kan vereis word as deel van die voorwaardes vir die verwerwing van die navorsingsdoktorsgraad, maar maak nie deel uit van die formele kredietstruktuur van die kwalifikasie nie.

5.2.4. 'n Professionele doktorsgraad wat deur die Universiteit aangebied word, bestaan uit 'n kombinasie van navorsing en gedoseerde werk, waar die navorsingskomponent minstens sestig persent (60%) tot die kredietstruktuur van die kwalifikasie moet bydra en ook toepaslike vorms van werkgeïntegreerde leer kan insluit.

5.3. Voltooiingsvereistes vir 'n doktorsgraad

5.3.1. Behoudens bykomende vereistes waarvoor voorsiening gemaak kan word in fakulteitsreëls is die komponente van 'n doktorsgraad –

5.3.1.1. vir 'n **navorsingsdoktorsgraad**, 'n geskrewe proefskrif of ekwivalente navorsingsproduk, soos bedoel in Reël 5.4 met 'n minimum van 360 krediete, en

5.3.1.2. vir 'n **professionele doktorsgraad**, gedoseerde modules waarvoor formatiewe en summatiewe assesserings vereis word, en 'n navorsingskomponent in die vorm van 'n miniproefskrif of ekwivalente navorsingsproduk soos bedoel in Reël 5.4 met 'n minimum van 216 krediete.

5.3.2. Fakulteitsreëls kan vereis dat 'n doktorale kandidaat óf bewys moet lewer van 'n navorsingsartikel wat ingedien is vir publikasie in 'n geakkrediteerde wetenskaplike joernaal óf van aanvaarding daarvan deur die redaksie van 'n wetenskaplike joernaal om vir die graad te kwalifiseer.

5.3.3. Indien gedoseerde modules in 'n doktorsgraadkwalifikasie of -program vereis word, moet daardie modules voltooi word voordat die navorsingskomponent ingedien kan word vir eksaminering.

5.3.4. Behoudens die vereistes soos uiteengesit in fakulteitsreëls en in Reël 5.3.1.2 is die komponente van 'n professionele doktorsgraad gedoseerde modules waarvoor formatiewe en summatiewe assessering vereis word, en 'n onafhanklike navorsingskomponent in die vorm van 'n enkele navorsings- of tegniese projek of 'n reeks navorsings- of tegniese projekte, insluitend 'n navorsingsartikel of 'n gepubliseerde of toegestaande patent, of enige vorm van kreatiewe uitset soos bedoel in Reël 4.4.4.

5.4. Vereistes vir die navorsingskomponent van 'n doktorsgraad

5.4.1. Behoudens die uitsonderings soos uiteengesit in Reëls 5.4.2 en 5.4.3 is die vereistes vir die navorsingskomponent van 'n doktorsgraad die suksesvolle indiening en eksaminering van 'n geskrewe proefskrif of miniproefskrif.

5.4.2. Fakulteitsreëls kan bepaal dat volle of gedeeltelike voldoening aan die navorsingskomponent van 'n doktorsgraad die vorm kan aanneem van een of meer publiseerbare of gepubliseerde navorsingsartikels in 'n spesifieke vakgebied, met inagneming van die vereistes van Reëls 5.11 en 5.12 en met spesifisering van die minimum aantal navorsingsartikels wat vereis word in plaas van 'n proefskrif, miniproefskrif of die navorsingskomponent van 'n professionele doktorsgraad.

5.4.3. Fakulteitsreëls kan bepaal dat volle of gedeeltelike voldoening aan die navorsingskomponent van 'n meestersgraad gepubliseerde patente of toegestaande patente in 'n relevante vakgebied kan insluit, met inagneming van die bepalings van Reëls 5.13.3 en 5.13.4.

5.4.4. Fakulteitsreëls kan bepaal dat daar gedeeltelik of ten volle aan die vereistes vir die navorsingskomponent van bepaalde doktorsgraadprogramme voldoen kan word deur –

5.4.4.1. die lewering van 'n konsertreeks;

5.4.4.2. die samestelling van 'n portefeulje van skeppende werke bestaande uit artefakte, kunswerke, ontwerpe of komposisies, of

5.4.4.3. die aanbieding van 'n professionele uitstalling bestaande uit 'n stel oorspronklike kunswerke, artefakte, installasies of konseptualiserings.

5.5. Kredietakkumulasie en -oordrag

5.5.1. Krediet-erkenning en -oordrag moet gebaseer wees op modules of gedoseerde komponente wat op 'n ekwivalente NKR-vlak as die doktorsgraad voltooi is.

5.5.2. Wanneer 'n voornemende student aansoek doen om toelating tot 'n doktorale studie kan hy/sy by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om erkenning van voltooide ekwivalente gedoseerde modules wat vereis word vir die doktorsgraadkwalifikasie of -program waarvoor die kandidaat wil toelating kry.

5.5.3. Indien 'n aansoek soos bedoel in Reël 5.5.2 nie gebaseer is op krediete wat in 'n kwalifikasie of program behaal is wat deur die Universiteit aangebied word en wat nog nie deur die kandidaat voltooi is nie, moet die kandidaat vyftig persent (50%) van die program se gedoseerde modules aan die Universiteit voltooi.

5.5.4. Indien 'n aansoek soos bedoel in Reël 5.5.2 nie gebaseer is op krediete wat in 'n kwalifikasie of program behaal is wat deur die Universiteit aangebied word en wat nog nie deur die kandidaat voltooi is nie, moet die kandidaat vyftig persent (50%) van die kwalifikasie of program se gedoseerde modules aan die Universiteit voltooi.

5.6. Bykomende gedoseerde modules

'n Kandidaat wat registreer vir 'n doktorsgraad kan via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek doen om toegelaat te word om vir bykomende modules te registreer benewens dié wat vereis word vir die kurrikulum van die betrokke kwalifikasie of program, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

5.6.1. dit veroorsaak geen roosterbotsings nie, en

5.6.2. die maksimum aantal krediete waarvoor 'n student in 'n gegewe akademiese jaar mag registreer, soos bepaal in Reël 1.8, word nie oorskry nie.

5.7. Registrasie

5.7.1. 'n Kandidaat wat nie registreer voor of op die registrasiedatum soos bepaal in die universiteitsjaarkalender nie, kan in dieselfde kalenderjaar by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om laatregistrasie, waarvoor die betaling van 'n boete deur die Registrateur voorgeskryf kan word.

5.7.2. 'n Kandidaat wat nie in 'n bepaalde jaar registreer nie, maar die studie in 'n daaropvolgende jaar wil voortsit, moet by die betrokke uitvoerende dekaan aansoek doen om hertoelating.

5.7.3. Die betrokke uitvoerende dekaan kan redelike voorwaardes stel vir hertoelating in 'n daaropvolgende jaar.

5.7.4. Indien 'n doktorale kandidaat in gebreke bly om in enige jaar as student te herregistreer voor of op die tyd daarvoor deur die universiteitsjaarkalender bepaal, kan die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan die onderwerp van die beplande navorsing, indien dit reeds geregistreer is, aan 'n ander kandidaat in dieselfde navorsingsentiteit toewys.

5.7.5. Herregistrasie vir gedoseerde modules:

'n Kandidaat kan binne die maksimum toelaatbare studietydperk gedoseerde modules herhaal wat nie vyf-en-twintig persent (25%) van die totale krediete van die gedoseerde komponent van 'n doktorsgraadprogram oorskry nie.

5.7.6. Vrystelling van registrasie

5.7.6.1. 'n Doktorale kandidaat wat geringe wysigings aan 'n geëksamineerde proefskrif of miniproefskrif moet aanbring, met 'n uitkoms in ooreenstemming met Reël 5.16.5.1.2, hoef nie vir 'n nuwe akademiese jaar te registreer nie, mits die nodige wysigings bevredigend aangebring word voor die middel van Februarie van die betrokke jaar of, indien die Registrateur so besluit, voor die afsluiting van die graduandi-lys, in welke geval die graad by die betrokke jaar se herfsgradeplegtigheid toegeken kan word.

5.7.6.2. 'n Doktorale kandidaat wat alle gedoseerde modules behalwe één geslaag het wat vereis word

vir die voltooiing van 'n program wat tot 'n doktorale kwalifikasie lei, kan kwalifiseer vir 'n addisionele finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module ooreenkomstig Reël 1.12.7.1 of 1.12.7.2, wat ook al van toepassing is.

5.8. Afwesigheidsverlof

5.8.1. 'n Geregistreerde doktorale kandidaat wat die redes motiveer om nie in 'n bepaalde jaar met studie voort te gaan nie, kan via die studenteportaal by die uitvoerende dekaan aansoek doen om verlof tot afwesigheid vir die betrokke jaar.

5.8.2. Verlof tot afwesigheid mag slegs vir één jaar in die loop van 'n kandidaat se inskrywing toegestaan word.

5.8.3. 'n Doktorale kandidaat aan wie verlof tot afwesigheid toegestaan word, bly aanspreeklik vir die betaling van die registrasiegeld vir die tydperk van afwesigheid.

5.8.4. 'n Doktorale kandidaat aan wie verlof tot afwesigheid toegestaan is, het nie toegang tot enige kampus en aanlyn fasiliteite van die Universiteit nie.

5.8.5. Die reëls met betrekking tot die maksimum duur van studie waarvoor in Reël 1.13 voorsiening gemaak word, bly geld ten spyte van die toestaan van verlof tot afwesigheid.

5.8.6. Die Universiteit behou die reg voor om die studie te kanselleer van 'n doktorale kandidaat wat versuim om te registreer in die jaar na die tydperk van goedgekeurde afwesigheid.

5.8.7. Die toestaan van afwesigheidsverlof aan 'n internasionale student is onderhewig aan die volle vooruitbetaling van die registrasiegeld vir die jaar van afwesigheid.

5.9. Studieleiding

5.9.1. 'n Doktorale studie moet geregistreer word binne die akademiese sfeer van 'n navorsingsentiteit of 'n skool.

5.9.2. 'n Kandidaat wat toegelaat is tot 'n doktorsgraadprogram werk onder toesig van 'n promotor en medepromotor waar toepaslik, soos aangewys, behoudens goedkeuring van die betrokke fakulteitsraad, deur die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan ingevolge die toepaslike fakulteitsreëls.

5.9.3. 'n Promotor of medepromotor van die navorsingskomponent van 'n doktorsgraad moet self ten minste oor 'n doktorsgraad in 'n verwante vakgebied beskik.

5.9.4. Nieteenstaande die vereistes van fakulteitsreëls kan 'n fakulteitsraad in uitsonderlike omstandighede goedkeuring verleen vir die aanwysing van 'n medepromotor op grond van relevante tegniese kundigheid, selfs as sodanige persoon nie oor 'n doktorsgraad beskik nie.

5.9.5. 'n Doktorale kandidaat kan, voor indiening van 'n navorsingsproduk vir eksaminering, ontevredenheid oor enige aspek van die studieleiding deur 'n promotor of medepromotor skriftelik aan die betrokke uitvoerende dekaan te kenne gee, wat dan skriftelik moet terugvoer gee aan die kandidaat voordat die navorsingsproduk ingedien word vir eksaminering.

5.10. Navorsingsvoorstel en titelregistrasie

5.10.1. 'n Kandidaat wat ingeskryf is vir 'n doktorsgraad deur navorsing moet binne twaalf maande na die finale datum van registrasie vir doktorsgrade soos bepaal in die universiteitsjaarkalender 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir die proefskrif voorlê vir goedkeuring en registrasie deur 'n liggaam wat vir dié doel aangewys is.

5.10.2. Behoudens uitsonderings soos bepaal in die toepaslike fakulteitsreëls moet 'n kandidaat wat ingeskryf is vir 'n professionele doktorsgraad in oorleg met 'n moontlike promotor binne ses maande na die voltooiing van die laaste vereiste moduleassessering van die graad 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir die vereiste navorsingsprojek vir goedkeuring en registrasie deur 'n liggaam soos bepaal in die fakulteitsreëls voorlê.

5.10.3. Behoudens uitsonderings soos uiteengesit in die toepaslike fakulteitsreëls moet 'n kandidaat wat ingeskryf is vir 'n professionele doktorsgraad wat 'n enkele navorsingsprojek vereis in oorleg met 'n moontlike studieleier binne ses maande na die voltooiing van die laaste vereiste moduleassessering van die graad 'n navorsingsvoorstel en voorgestelde titel vir die vereiste navorsingsprojek vir goedkeuring en registrasie deur 'n liggaam soos bepaal in die fakulteitsreëls

voorlê.

5.10.4. Elke navorsingsvoorstel is onderhewig aan etiese klaring, en bevestiging moet voorgelê word aan die fakulteit se komitee vir gevorderde grade.

5.10.5. Die Universiteit kan ’n kandidaat se registrasie beëindig indien die vereiste navorsingsvoorstel nie betyds voorgelê word vir goedkeuring nie.

5.11. Voorlegging van die navorsingsproduk van ’n doktorsgraad vir eksaminering

5.11.1. ’n Kandidaat wat geregistreer is vir ’n doktorsgraad moet, met die skriftelike toestemming van die betrokke promotor, die proefskrif, miniproefskrif of ander navorsingsproduk soos bedoel in Reël 5.4 indien vir eksaminering voor of op die datum vir indiening soos bepaal in die universiteitsjaarkalender om te kwalifiseer vir graduering by die aangewese gradeplegtigheid.

5.11.2. Waar die promotor toestemming vir die indiening van ’n navorsingsproduk vir eksaminering weerhou, moet die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan, na oorleg met die promotor en die kandidaat, ’n aanbeveling aan die uitvoerende dekaan maak oor die gereedheid van die navorsingsproduk vir indiening vir eksaminering.

5.11.3. ’n Proefskrif, miniproefskrif of ander navorsingsproduk van ’n doktorale studie moet voldoen aan die tegniese vereistes wat in die Handleiding vir M- en D-studies gestel word.

5.12. Navorsingsartikels ingedien as navorsingsproduk

5.12.1. Indien die fakulteitsreëls bepaal dat ’n navorsingsartikel by ’n geakkrediteerde joernaal ingedien moet word as deel van die vereistes vir die graad, moet die kandidaat bewys lewer van die indiening.

5.12.2. Indien ’n kandidaat toegelaat word om die navorsingsproduk in die vorm van navorsingsartikels in te dien, moet sodanige navorsingsproduk as ’n geïntegreerde eenheid voorgelê word vir eksaminering, met ’n probleemstelling, ’n inleiding en ’n sinoptiese gevolgtrekking, en die manuskripindieningsriglyne, of die URL-skakel na die manuskripriglyne van die betrokke joernaal of joernale.

5.13. Uitvoerende kunste, visuele kunste of ’n patent ingedien as eksamenvereiste

5.13.1. Waar ’n doktorale kandidaat in die uitvoerende kunste ’n goedgekeurde konsertprogram voltooi het, moet die kandidaat ook ’n manuskrip indien wat voldoen aan die vereistes vir ’n navorsingsverslag op doktorsgraadvlak, tesame met ’n digitale klank- of video-opname van die konsert in ’n vooraf-goedgekeurde formaat.

5.13.2. Waar ’n doktorale kandidaat in die visuele of gevoelskunste ’n goedgekeurde uitstalling gehou het, moet die uitstalling gemonteer word en ’n manuskrip ingedien word wat voldoen aan die vereistes vir ’n navorsingsverslag op doktorsgraadvlak, tesame met ’n reeks foto's in ’n goedgekeurde formaat van die werke in die uitstalling.

5.13.3. Waar enige gepubliseerde patentaansoek of toegestaande patent ingedien word as die navorsingsproduk van ’n doktorale program waartoe die doktorale kandidaat en ander uitvinders bygedra het, moet die kandidaat ’n skriftelike verklaring van die NWU se Departement Tegnologieoordrag en Innovasiesteun verkry wat die skriftelike toestemming van mede-uitvinders bevat dat die navorsingsproduk vir die vermelde doel gebruik kan word.

5.13.4. Waar mede-uitvinders soos bedoel in Reël 5.13.3 betrokke was by die ontwikkeling van die navorsingsproduk, moet die kandidaat daardie feit in die voorwoord vermeld en die verklaring van die NWU se Departement Tegnologieoordrag en Innovasiesteun direk ná die voorwoord in die navorsingsproduk insluit.

5.13.5. Die Gevorderdegrade-administrasie moet ’n elektroniese eksemplaar van die navorsingsproduk van ’n doktorale kandidaat vir minstens 14 kalenderdae ter insae beskikbaar stel aan die universiteitsgemeenskap nadat dit aan die eksaminators versend is, en kennis van sodanige beskikbaarheid moet op ’n toepaslike wyse geskied.

5.14. Terugtrekking van ’n navorsingsproduk nadat dit ingedien is vir eksaminering

’n Navorsingsproduk kan nie teruggetrek word nadat dit ingedien is vir eksaminering nie

5.15. Klassifikasie van ’n navorsingsproduk as vertroulik

Die Universiteit se reëls met betrekking tot die klassifikasie van ’n navorsingsproduk as vertroulik moet in ag geneem word in die proses van eksaminering van die navorsingsproduk van ’n doktorsgraad.

5.16. Eksamen

5.16.1. Aanwysing van eksaminators vir die navorsingskomponent van ’n doktorsgraad

5.16.1.1. Vir die eksaminering van die navorsingsproduk van elke doktorale studie moet minstens drie eksaminators deur die betrokke uitvoerende dekaan met die goedkeuring van die betrokke fakulteit se komitee vir gevorderde grade aangewys word, waarvan minstens twee eksterne eksaminators verbonde aan verskillende instansies moet wees.

5.16.1.2. Die naam van ’n eksaminator wat aangewys is ingevolge Reël 5.16.1.1 word nie voor of gedurende die eksamen aan die kandidaat bekendgemaak nie, en ná die eksamen slegs met die goedkeuring van die betrokke eksaminator.

5.16.1.3. Geen eksaminator mag op enige wyse betrokke gewees het by die studieleiding aan die doktorale student nie.

5.16.2. Eksaminering en moderering

5.16.2.1. ’n Gedoseerde professionele doktorsgraadmodule se eksamen word ekstern gemodereer tensy die module ekstern geëksamineer word.

5.16.2.2. Die eksterne eksaminator moet oor die vereiste kwalifikasies op NKR-vlak 10 beskik, met dien verstande dat sodanige persoon nie ’n werknemer mag wees nie en ook nie aan die Universiteit verbonde mag wees deur middel van ’n buitengewone aanstelling nie

5.16.2.3. Fakulteitsreëls moet vir elke doktorsgraadprogram spesifiseer of slegs die eksamenmateriaal onderwerp moet word aan eksterne moderering en of ander summatiewe assesseringskomponente ook ekstern gemodereer moet word.

5.16.2.4. Eksterne moderators moet vir ten minste een jaar, maar nie meer as drie agtereenvolgende jare nie, op aanbeveling van die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan aangewys word en deur die fakulteitsraad goedgekeur word.

5.16.2.5. ’n Eksterne moderator moet minstens tien persent van die eksamenskrifte vir elke vraestel merk, en moet lukrake kontroles doen van minstens twintig persent van die eksamenskrifte vir elke vraestel.

5.16.2.6. Waar minder as vyftig kandidate eksamenskrifte ingedien het, moet minstens tien eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word, en in gevalle waar minder as tien kandidate eksamenskrifte ingedien het, moet al die eksamenskrifte deur die eksterne moderator gemerk word.

5.16.2.7. ’n Eksterne moderator moet kommentaar lewer op die geldigheid van die assesseringsinstrumente, die gehalte van kandidaatprestasie en die standaard van kandidaatbereiking, die betroubaarheid van die merkproses, en enige kommer of ongerymdhede met betrekking tot die nakoming van institusionele en, waar toepaslik, professionele regulasies.

5.16.2.8. Die eksaminators van ’n proefskrif, miniproefskrif of enige ander navorsingsproduk moet ’n oordeel uitspreek oor die vraag of die navorsing daarvan bewys lewer dat die kandidaat insig het in die vakgebied en ’n besliste en oorspronklike wetenskaplike bydrae tot die kennisbasis van die vakgebied gemaak het, hetsy deur die bekendmaking en disseminasie van nuwe feite of insigte of deur die beoefening van onafhanklike kritiese vaardighede.

5.16.2.9. Elke eksaminator dien afsonderlike ’n skriftelike verslag oor die navorsingsproduk by die toepaslike administratiewe komponent van die betrokke fakulteit in, wat dan deur die betrokke fakulteitskomitee aangestuur word vir prosessering en finalisering.

5.16.2.10. Die promotor of medepromotor van ’n doktorale kandidaat kommunikeer of onderhandel nie met ’n eksaminator oor enige aangeleenthede met betrekking tot die eksaminering van die kandidaat se navorsingsproduk nie.

5.16.2.11. Die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of ander fakulteitstruktuur wat verantwoordelik is vir die goedkeuring van die navorsingskomponent van doktorsgrade oorweeg alle

eksamineringsverslae met betrekking tot die navorsingsproduk van ’n doktorale studie vir aanbeveling aan en finale goedkeuring deur die betrokke fakulteitsraad van die assesseringsuitkoms.

5.16.2.12. Indien ’n kandidaat volgens die eenparige oordeel van die eksaminators slaag, is sodanige uitslag finaal behoudens die bepalings van Reël 5.16.7.3.

5.16.3. Tweede eksamengeleentheid in gedoseerde modules

Die betrokke uitvoerende dekaan kan, na oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan, ’n tweede eksamen- of assesseringsgeleentheid toestaan aan ’n kandidaat wat ’n eksamen in ’n gedoseerde module van ’n doktorsgraadprogram gedruip het.

5.16.4. Slaagvereistes vir ’n gedoseerde module

5.16.4.1. Nieteenstaande die bepalings van Reël 1.12.3.1.2 en Reël 1.12.3.2.1 (wat ook al van toepassing is) kan fakulteitsreëls ’n finale modulepunt van hoër as vyftig persent (50%) vereis om ’n gedoseerde module in ’n professionele doktorsgraad te slaag.

5.16.4.2. Nieteenstaande die bepalings van Reël 1.12.3.1, waar ’n eksamenpunt deel uitmaak van die finale modulepunt, moet ’n subminimum van vyftig persent (50%) in die eksamen behaal word, en fakulteitsreëls kan bepaal dat ’n subminimum van meer as vyftig persent (50%) vereis word.

5.16.5. Aanbevelings met betrekking tot die eksaminering van die navorsingsproduk in ’n doktorale kwalifikasie of program

5.16.5.1. ’n Eksaminator kan aanbeveel dat ’n navorsingsproduk –

5.16.5.1.1. onvoorwaardelik aanvaar word;

5.16.5.1.2. aanvaar word op voorwaarde dat bepaalde regstellings gemaak word tot die bevrediging van die studieleier;

5.16.5.1.3. aanvaar word op voorwaarde dat bepaalde regstellings van ’n wesenlike aard gemaak word tot die bevrediging van die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan;

5.16.5.1.4. aanvaar word op voorwaarde dat bepaalde regstellings van ’n wesenlike aard gemaak word tot die bevrediging van die betrokke eksaminators;

5.16.5.1.5. nie aanvaar word in sy huidige formaat nie, in welke geval dit na die kandidaat terugverwys word vir hersiening, uitbreiding of wysiging en herindiening vir hereksaminering, of

5.16.5.1.6. glad nie aanvaar word nie, in welke geval die kandidaat druip.

5.16.5.2. Alle kommentaar wat van die universiteitsgemeenskap ontvang word soos bedoel in Reël 5.13.5 moet ingedien word by die betrokke uitvoerende dekaan voor verstryking van die tydperk waarvoor ’n navorsingsproduk ter insae beskikbaar gestel word, wat sodanige kommentaar dan sáám met die eksaminator se verslae aan die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of ander betrokke fakulteitstruktuur moet aanstuur vir evaluering.

5.16.6. Hersienings aan en hereksaminering van die navorsingsproduk van ’n doktorsgraad

5.16.6.1. Die studieleier van ’n navorsingsproduk moet binne 14 kalenderdae nadat al die eksaminatorsverslae ontvang is en in oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan ’n memorandum aan die kandidaat voorsien waarin die aard en omvang van die hersiening of uitbreiding soos bedoel in Reëls 5.16.5.1.2, 5.16.5.1.3, 5.16.5.1.4 en 5.16.5.1.5 uiteengesit word.

5.16.6.2. Ten einde beskou te word as ’n graduandus in die akademiese jaar waartydens die navorsingsproduk ingedien is vir eksaminering moet ’n hersiene, gewysigde of uitgebreide navorsingsproduk ingedien word voor of op die datum wat vir daardie doel in die universiteitsjaarkalender bepaal is.

5.16.6.3. Waar ’n navorsingsproduk na ’n kandidaat terugverwys word vir hersiening of uitbreiding, moet die hersiene produk ingedien word binne één jaar na bekendmaking van die uitslag aan die kandidaat soos bedoel in Reël 5.16.6.1, tensy die kandidaat grondige redes verskaf in ’n aansoek, in welke geval die betrokke uitvoerende dekaan uitstel kan verleen.

5.16.6.4. ’n Navorsingsproduk wat op grond van ’n uitkoms ingevolge Reël 5.16.5.1.5 hersien is, kan slegs

één keer na 'n kandidaat toe terugverwys word en, na hersiening, één keer vir hereksaminering ingedien word.

5.16.6.5. Die eksaminators wat aangewys is vir die oorspronklike eksaminering word ook as aangewys beskou vir die hereksaminering, maar as dit nodig of gerade geag word, kan ander of bykomende eksaminators aangewys word.

5.16.7. Onduidelikheid of verskille oor eksamenuitslae

5.16.7.1. Waar die eksaminators of moderators in die geval van 'n gedoseerde module nie eenparig daaroor is dat die kandidaat 'n module slaag of met onderskeiding slaag nie, of, in die geval van 'n navorsingsproduk, waar die kommentaar wat ingevolge Reël 5.13.5 van lede van die universiteitsgemeenskap ontvang is wesenlik van die eksaminators se aanbevelings verskil, moet die betrokke uitvoerende dekaan die prosedures volg soos bedoel in Reël 5.16.7.2 voordat die finale besluit met betrekking tot die uitkoms geneem word.

5.16.7.2. 'n Wesenlike verskil met betrekking tot die eksaminering van 'n navorsingsproduk soos afgehandel ooreenkomstig Reël 5.16.5.1 word geag te bestaan indien –

5.16.7.2.1. die verslae van die eksaminators verskil oor die vraag of die navorsingsproduk met of sonder wysigings aanvaar kan word, terugverwys moet word vir hersiening, of nie aanvaar kan word nie; of

5.16.7.2.2. kommentaar wat uit die terinsaelegging deur die universiteitsgemeenskap soos bedoel in reël 5.13.5 ontstaan, wesenlik van die eksaminators se aanbevelings verskil.

5.16.7.3. Waar verskille in die aard soos bedoel in Reël 5.16.7.1 voorkom, kan die uitvoerende dekaan in oorleg met die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan enige onduidelikhede in eksaminatorsverslae of in kommentaar met betrekking tot 'n gedoseerde module of navorsingsproduk met die eksaminators of met lede van die universiteitsgemeenskap wat kommentaar oor 'n gedoseerde module of die navorsingsproduk gelewer het, opklaar.

5.16.7.4. Die betrokke uitvoerende dekaan moet stappe doen om te verseker dat 'n eksamenuitslag behaal word indien 'n wesenlike verskil bestaan soos bedoel in Reël 5.16.7.2, wat kan insluit –

5.16.7.4.1. dat 'n eksterne kundige genooi word om die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of soortgelyke struktuur van advies te bedien;

5.16.7.4.2. dat 'n bykomende eksterne eksaminator aangewys word om die navorsingsproduk te assesseer ingevolge Reël 5.16.2.2 en wie se assessering ingesluit sal word in die finalisering van die assesseringsuitslag, of

5.16.7.4.3. dat 'n onafhanklike arbiter aangewys word wie se rol beperk is tot die oorweging van die navorsingsverslag en die eksaminators se verslae, en om 'n aanbeveling oor die assesseringsuitslag te maak, uitgesluit toekenning van enige punt.

5.16.7.5. Die betrokke fakulteitsraad gee goedkeuring vir die finale uitkoms van 'n eksamen na oorweging van die aanbeveling van die fakulteit se komitee vir gevorderde grade of soortgelyke struktuur oor die assesseringsuitslag gebaseer op die uitkoms van die stappe gedoen deur die uitvoerende dekaan ingevolge Reël 5.16.7.4, en, as die fakulteitsraad nie die saak kan bylê nie, moet die uitvoerende dekaan 'n finale besluit neem.

5.16.8. Geskilbeslegting

5.16.8.1. 'n Doktorale kandidaat kan, in die geval van ontevredenheid met die manier waarop die eksaminering gedoen is, 'n geskil met die Universiteit verklaar deur skriftelike kennisgewing aan die Registrateur binne 14 dae na kommunikasie aan die kandidaat van die finale besluit oor die assesseringsuitkoms.

5.16.8.2. Binne tien dae nadat kennis van 'n geskil ontvang is soos bedoel in Reël 5.16.8.1 moet die Registrateur duidelikheid kry van die betrokke uitvoerende dekaan of die beswaar wat deur die kandidaat geopper is geregverdig is al dan nie, toesien dat die nodige remediërende stappe gedoen word, en die klaer dienooreenkomstig antwoord.

5.16.8.3. Indien die klaer nie tevrede is met die respons van die Registrateur nie, roep die Registrateur 'n paneel byeen bestaande uit minstens twee uitvoerende dekane wat nie vantevore by die aangeleentheid betrokke was nie om binne veertien werksdae oor die meriete van die geskil te oordeel.

5.16.8.4. Die bevindinge van die paneel wat byeengeroep is ingevolge Reël 5.16.8.3 kan wees dat –

5.16.8.4.1. die korrekte prosedures gevolg is en dat die geskil geen meriete het nie;

5.16.8.4.2. die saak na die betrokke uitvoerende dekaan toe terugverwys word om toe te sien dat prosedurele tekortkominge of foute reggestel word;

5.16.8.4.3. die saak na 'n alternatiewe geskilbeslegtingsproses toe verwys moet word, of

5.16.8.4.4. die saak vir arbitrasie verwys moet word.

5.16.8.5. Indien die klaer nie tevrede is met die uitkoms soos bedoel in Reël 5.16.8.4.1 of Reël 5.16.8.4.2 nie, of indien die paneel bevind dat die saak deur middel van 'n alternatiewe geskilbeslegtingsproses behartig moet word ingevolge Reël 5.16.8.4.3 en die klaer daartoe instem, moet die Registrateur toesien dat 'n paneel van minstens drie kundiges in die betrokke vakgebied of met wye ervaring in nagraadse eksaminering aangewys word met kennisgewing aan die klaer om die klag te ondersoek en aanbevelings te maak vir beslegting daarvan.

5.16.8.6. Indien die paneel die saak vir arbitrasie verwys ingevolge Reël 5.16.8.4.4 moet die betrokke uitvoerende dekaan en die klaer elk binne drie weke die name en besonderhede van hoogstens drie persone aan die Registrateur voorlê om aangewys te word as arbiter of arbitrasiepaneel; alle arbiters moet kundiges wees in die betrokke vakgebied of oor wye ervaring beskik in nagraadse eksaminering, en die klaer moet skriftelik instem om die koste van die arbitrasie te dra of te deel indien dit die uitkoms is soos bedoel in Reël 5.16.8.8.

5.16.8.7. Die arbiter wat aangewys word ingevolge Reël 5.16.8.6 moet op hoogte wees, of bereid wees om op hoogte te kom, van arbitrasieprosedures soos vervat in die jongste weergawe van die *Rules for the Conduct of Arbitrations van die Association of Arbitrators (Southern Africa)* en om sodanige reëls in die arbitrasieproses toe te pas.

5.16.8.8. Die uitkoms van 'n arbitrasieproses kan insluit 'n toekenning vir spesifieke nakoming, 'n interdik, skadevergoeding, 'n boete, 'n kostebevel, met inbegrip van die koste verbonde aan regsverteenwoordiging op 'n prokureur-en-kliënt-skaal, of enige ander bevel wat die arbiter of arbitrasiepaneel onder die omstandighede as toepaslik beskou.

5.17. Mondelinge verdediging van 'n geëksamineerde navorsingsproduk

5.17.1. Fakulteitsreëls mag vereis dat 'n formele mondelinge eksamen of verdediging deel vorm van die akademiese vereistes vir die kwalifikasie.

5.17.2. Die mondelinge verdediging (viva voce) vind eers plaas nadat –

5.17.2.1. eksaminators die kandidaat geslaag het,

5.17.2.2. korreksies deur die kandidaat aangebring is, en

5.17.2.3. die fakulteitsraad die konklusie van die skriftelike eksamineringsproses aangeteken het.

5.17.3. Die mondelinge verdediging moet geskied binne drie maande na die bevestiging van die uitslae van die skriftelike eksamen.

5.18. Intellektuele eiendom in en publikasie van navorsingsprodukte

5.18.1. Alle intellektuele eiendom wat in die loop van 'n doktorale studie geskep word, is onderhewig aan die Universiteit se Intellektuele Eiendom-beleid.

5.18.2. Die Universiteit is daarop geregtig om enige navorsingsproduk in die finale vorm waarin dit deur 'n doktorale kandidaat ingedien is, fisies of elektronies te vermenigvuldig en dit te versprei of beskikbaar te stel.

5.18.3. 'n Doktorsgraadgraduandus moet die publikasie van die resultate van die studie binne ses maande na toekenning van die graad onderneem, maar die Universiteit kan, indien die graduandus dit nie doen nie, publikasie onderneem na kennisgewing van sy voorneme om dit te doen.

5.18.4. Publikasie deur die Universiteit soos bedoel in Reël 5.18.3 kan onderneem word sonder die skriftelike toestemming van die graduandus, maar die betrokke graduandus word as eerste outeur erken, behalwe waar wesenlike verwerking van die teks deur 'n ander persoon onderneem word, of indien die graduandus skriftelik versoek om nie vermeld te word nie.

5.18.5. 'n Doktorale kandidaat wat ingevolge hierdie reëls 'n publikasie gebaseer op 'n navorsingsproduk van die studie moet of wil indien, moet die betrokke promotor se advies inwin oor die wetenskaplike gehalte van die navorsingsproduk, die seleksie van 'n geskikte publikasie of

publikasiemedium, moontlike oorwegings van vertroulike klassifikasie, en die vereistes en implikasies van reëls 5.18.7 en Reël 5.18.8.

5.18.6. Die betrokke studieleier moet voldoening aan Reël 5.18.5 vermeld in die verslag soos bedoel in Reël 1.14.4.

5.18.7. In 'n publikasie soos bedoel in Reël 5.14.5 moet die studieleier of studieleiers aangehaal word.

5.18.8. 'n Doktorsgraadgraduandus word as die enigste outeur van 'n navorsingsproduk van die studie beskou tensy 'n ander persoon, met inbegrip van die promotor, 'n beduidende bydrae tot die produksie van die publikasie maak, soos onderskei van die navorsingsproduk, om mede-outeurskap uit te maak, met inagneming van die konvensies van die betrokke dissipline, of waar 'n ander persoon die primêre verantwoordelikheid neem vir die skryf van die publikasie, tot so 'n mate dat dit die eerste outeurskap van sodanige ander persoon regverdig.

5.19. Embargo-tydperk vir 'n voltooide proefskrif ten aansien waarvan die graad toegeken is

5.19.1. 'n Doktorale graduandus kan via die betrokke biblioteekportaal 'n versoek rig aan die Hoofdirekteur Biblioteekdienste vir 'n embargo-tydperk van tot twee jaar vir die publikasie van die navorsingsproduk op die NWU-bewaarplek, Boloka.

5.19.2. Meestersgraadgraduandi moet in alle gevalle by die publikasieskedules van eksterne navorsingsborge soos die NNS hou.

5.20. Verlenging van die studietydperk

5.20.1. 'n Aansoek om verlenging van die studietydperk deur 'n doktorale kandidaat, ingedien by die uitvoerende dekaan via die studenteportaal, moet ondersteun word deur 'n aanbeveling deur die betrokke akademiese direkteur of adjunkdekaan.

5.20.2. 'n Aansoek om verlenging van die studietydperk vir 'n doktorsgraad moet aandui –

5.20.2.1. dat die navorsingsonderwerp steeds relevant is,

5.20.2.2. watter vordering reeds gemaak is deur die aansoeker,

5.20.2.3. wat nog gedoen moet word om die studie te voltooi,

5.20.2.4. wat die tydskedule vir afhandeling is, en

5.20.2.5. of die promotor steeds beskikbaar is.

5.20.3. Toestemming vir verlenging van die studie soos bedoel in hierdie reël is onderhewig aan betaling van 'n heffing soos bepaal deur die Registrateur.

5.21. Verwerwing van die graad

Ingevolge Reël 1.3.3, 1.13, 1.16, 1.18.3 en 5.2 kan 'n doktorsgraad toegeken word wanneer finale verifikasie en ouditbevestiging ontvang word dat 'n kandidaat aan die vereistes van Reël 5.3 en Reël 5.4 voldoen het.

Einde

Original details: (10064397) C:\Users\10064397\NWUNextcloud\2023.11.16_Review_General Academic Rules of the NWU.docm
16 November 2023